

HOOFSTUK 5

WAARDES TYDENS DIE NUWE ERA BEWEGING (NEW AGE)

5.1 INLEIDING

Die mening word taamlik wyd gehuldig dat ons besig is om 'n nuwe periode in die geskiedenis van die Weste met betrekking tot waardes, norme en die onderwys te betree. Die tydperk wat hier te sprake is, het meer met die geestesontwikkeling, kultuur, kennis en godsdiens van die mensdom te doen as wat dit met politiek en militêre mag te doen het, alhoewel laasgenoemde aspekte uiteindelik nie daarvan uitgesluit is nie.

Met betrekking tot die New Age praat die fisikus, Fritjof Capra,¹ van die sogenaamde 'turning point'. Die sielkundige, Carl Jung, het dieselfde verwagting uitgespreek van die nuwe era wat tegemoet gegaan moet word (Buitedag & Van der Merwe 1991:14).

Die volgende faktore skyn die ontwikkeling na 'n nuwe tydperk in die hand te werk:

- Die Westerse mens ervaar toenemend 'n onbehae met die wêreld wat hy vir homself met behulp van wetenskap en tegnologie gemaak het.
- Hy voel homself vervreem van die natuurlike en die natuuumgewing. Sy wêreld word nie net kunsmatig nie, maar ook oppervlakkig beleef.
- Die allesoorheersende wetenskap en tegnologie lei tot 'n wêreld waarin masjiene en robotte tuis mag wees, maar nie mense nie. Daar bestaan bekommernis dat die mens nou oor middele beskik om homself en die wêreld te vernietig.

¹ Sy werk word deur New Agers as leidinggewend beskou. Capra volg die historikus-geskiedenisfilosoof, Arnold Toynbee, in sy analise van die kultuurkrisis. Volgens Thoynee verloop die geskiedenis in herhalende siklusse van opkoms, bloei en verval. 'n Kultuurepog of beskawing begin vooruitgaan deur die leidinggewende werking van 'n kreatiewe groep totdat 'n hoogtepunt en groot aanhang bereik is, maar al spoedig blyk dit nie verder in staat te wees om die uitdagings van sy tyd te hanteer nie omdat die leidinggewende element kreatiwiteit begin smoor. Hiervandaan is dit onafwendbaar op die afdraandepad, maar gelyktydig sal 'n kreatiewe minderheid in beweging kom wat nuwe vorme begin ontwikkel, vorme wat wél beantwoord aan die uitdagings van die tyd (Van der Walt 1990:68–74).

- Die Westerse mens voel ook dat hy tekort gedoen word in sy kulturomgewing. Die moderne geleerdheid, kultuur en kuns werk mee tot 'n geleidelike aftakeling van die geestelike en morele waardes en van menswaardigheid self.
- Die gedagte word al meer gehoor dat die wetenskap en tegnologie, ekonomie, politiek, kultuur, kuns en godsdiens nie meer in afsondering van mekaar kan bestaan nie, aangesien dit lei tot versplintering van die groter, gemeenskaplike belang (Buitendag & Van der Merwe 1991:14–15).

As daar 'n naam aan hierdie nuwe periode gegee kan word, sou 'n goeie naam dalk die *postmoderne* periode wees. Dit beteken 'n tydperk waarin daar bewustelik van die modernisme wegbeweeg word.

Die modernisme soos dit waargeneem word in moderne kuns en moderne argitektuur, dui op 'n neiging om byvoorbeeld die kuns of argitektuur mondig te verklaar, sodat net 'eksperte' iets sinvol daarvoor mag sê. Die gewone man mag byvoorbeeld dink dat moderne kuns 'n deurmekaar spul of immoreel is, maar hy mag dit nie meld nie aangesien hy nie 'n 'ekspert' is nie (Buitendag & Van der Merwe 1991:14–15).

Hierdie moderne neiging tot mondigheid of eiegeregtigheid word ook op ander lewensterreine gevind. So byvoorbeeld steur die wetenskaplike hom nie aan die vernietigende effekte wat sy uitvindings mag hê nie. Teoloë hou hulle besig mat abstrakte redenasies wat geen direkte betekenis vir die kerk het nie. Die skrywer pleeg pornografie onder die voorwendsel van kuns (Buitendag & Van der Merwe 1991:15–16).

Die postmoderne neiging wil weer die samehang en interafhanklikheid van dinge, mense en lewensterreine beklemtoon. Dit wil die mens en sy lewenswaardes ernstig opneem (Buitendag & Van der Merwe 1991:15–16).

Die nuwe tydperk sou dalk ook holistiese² tydperk genoem kon word. Dit beteken dat 'n nuwe besef besig is om pos te vat, naamlik dat daar reeds te ver op die pad van fragmentering gegaan is. Die geneesheer is net in die diagnose en behandeling van siekte of liggaamlike afwykings geïnteresserd en vergeet van die pasiënt as mens. Die spesialis beweeg hom net op sy spesialiteitsgebied en is nie in staat om 'n saak binne sy groter samehang te sien nie. Die klerk verrig elke dag sy taak sonder om te weet watter plek hy in die groter administratiewe prosedure inneem (Rautenbach [S.a.]:13)

² Holisme beteken dat die grootste geheel die uitgangspunt is en bly en dat daar met die interverweefdheid van onderdele gewerk word, sodat onderlinge verbande en interafhanklikheid deurentyd in ag geneem word. Globalisme en holisme word as sinonieme gebruik.

Laastens sou die nuwe tydperk straks ook 'n tydperk van natuurlikheid genoem kon word. Die mens het opnuut bewus geraak van sy natuuumgewing en die wonder van die lewe. Die mens voel hom ook toenemend een met en verantwoordelik vir die omgewing. Die besef het posgevat dat die mens homself verander deur hom met kunsmatige en sintetiese dinge te omring – dit lei tot 'n kunsmatige selfbeeld en vervreemding van die self. Hierteenoor is daar nuwe belangstelling in die natuur en in lewensvorme: Wetenskaplikes gebruik selfs voorbeelde uit die Biologie om dinge buite die vakgebied te verduidelik. (Buitendag & Van der Merwe 1991:16).

In hierdie hoofstuk word gefokus op die New Age se siening van die opvoeding ten einde waardes te identifiseer wat universeelgeldend is.

5.2 NEW AGE³: DIE IDEOLOGIE OOR DIE ALGEMEEN

Die uitdrukking *New Age Movement* is vir baie mense 'n nuwe begrip – selfs vir baie Christene. Volgens Ds. Nico Rautenbach ([S.a.]:1) is die New Age 'n onrusbarende feit, aangesien ons hier te make het met een van die magtigste en gevaarlikste bewegings in die antiChristelike wêreld. Selfs Islam en die wêreld-kommunisme het begin swig voor hierdie reus, tot dié mate dat Michail Gorbachev reeds al verbind is met hierdie nuwe wêreld-orde.

Die New Age word gekenmerk deur 'n bewussyn met 'n definitiewe godsdienstige inslag asook 'n postmoderne ingesteldheid. Die New Age het reeds aan die begin van hierdie eeu vorm begin aanneem (Buitendag & Van der Merwe 1991:11). Die New Age wil hê dat die mens die werklikheid anders moet verstaan. Hierdie insig is veral toe te skryf aan die aanname dat die mens nie teenoor die skepping staan nie, maar onteenseglik deel daarvan is. Hy is deel van die werklikheid waarvan hy homself nie kan losmaak nie – nie eers deur sy gedagtes nie (Buitendag & Van der Merwe 1991:11).

Die waarheid word nie meer gesoek in die kleinste onderdeel nie, maar eerder in verbande en perspektiewe. Niks is so absoluut en staties dat dit nie ook kan verander nie. Die mens se subjektiwiteit bepaal in 'n groot mate die resultate van sy omgang met die werklikheid. Hieroor verskil talle

³ Baie skrywers en filosowe verwys na hierdie tydperk as die *Nuwe Wêreldorde* en *Neuen Zeitalters* (Duits). Die Nuwe Wêreldorde word deur die Kabalistiese Sanhedrin ('n geheime ondergrondse organisasie wat na wêreldmag en wêreldoorheersing strew) geadministreer. Ander geheime organisasies beplan ook 'n tydvak wat die mens, veral die Übermensch (Supermens), met onberekenbare mag sal beklee. Hierdie organisasies het 'n definitiewe plan waarvolgens hulle werk om die wêreld onder die beheer van Satan te bring (Mc Loud 1990:15–16).

wetenskaplikes nie wesenlik nie — solank die mens, volgens hulle, nie 'n '-isme' daaraan voeg en in subjektivisme, relativisme en postmodernisme verval nie (Buitendag & Van der Merwe 1991:11).

Die New Age het prinsipiëel geen uitgewerkte leer nie. Dit beweeg vanaf die praktyk na die teorie en skep nie verskyningsvorme nie, maar eien dit eerder toe (Buitendag & Van der Merwe 1991:12).

5.2.1 DIE LEWENS-EN WÊRELDBESKOUING VAN DIE NEW AGE

Die lewens- en wêreldbeskouing van die New Age het volgens Dreckmeyr (1991:2) eklekties ontstaan uit onder andere Oosterse godsdienste, okkultisme,⁴ kwantumfisika en parapsigologie. Die onderbou daarvan word nêrens sistematies uiteengesit nie. Die essensies, wat vervolgens bespreek word, blyk egter duidelik uit sommige hedendaagse geskrifte, films en kunswerke.

5.2.1.1 MONISME⁵ OF HOLISME

Monisme is 'n kernbegrip in die Hindoe-denke (Dreckmeyr 1991:2). Dit is die geloof dat alles wat bestaan, een is. Daar is geen grense in die werklikheid nie. Dit beteken dat alles wat bestaan of wat met die werklikheid te doen het, na een beginpunt teruggevoer word. Daaruit vloei voort dat goed en kwaad nie as teenoorstaande beginsels beskou word nie. God en Satan is op een of ander manier aan mekaar verwant. (Groothuis 1986:18).

In New Age denke is die Oosterse idealisme (Pike & Selby 1988:24–29) en die Westerse rasionalisme verenig tot 'n Westerse vorm van monisme wat holisme genoem word. In die holistiese denke is daar geen absolute waardes nie en alle teenstellinge, soos tussen die waarheid en leuen en tussen goed en kwaad, word opgehef. 'n Mens moenie grense tussen rasse, kulture, godsdienste en politieke ideologieë trek nie, maar liever eenheid nastreef en brûie van versoening en eenwording bou. Niks word as wesenlik sleg of boos geag nie; daarom is daar nóg duiwel, nóg Antichris, nóg bose geeste, nóg hel. Al wat werklik sleg is, is die neiging om te verdeel, om apart te wees (Du Toit 1996:9).

⁴ Die okkultisme is van Satanistiese oorsprong en word derhalwe deur misleiers aangewend om die Leuenaar te dien. In hierdie proses word veral aandag geskenk aan die mag van manipulasie (Alkama [S.a.]:17–19).

⁵ Monisme veronderstel dat goed en kwaad uiteindelik op 'n paradoksale wyse met mekaar versoen kan word. Alles kan na een oerbeginsel of oerouteur teruggevoer word (Van der Walt 1990:12).

Verder moet die mens inklusief en holisties leer dink en alle eksklusiwiteit veroordeel (Dreckmeyr 1991:2–3). Oosthuizen (1991:104) reken dat die New Age individu 'n besliste aandeel in die realisering van die New Age se globalistiese, utopiese eindbestemming⁶ het:

Die groot boodskap van die Holisme ten opsigte van die individu is dat, omdat die mens in homself 'n god is, hy tot die volle bewuswording en ontdekking van hierdie godheid gelei moet word. Die [eind]doel van die Holistiese Filosofie is om die hele wêreldsamelewing in te lei in hierdie nuwe toestand en tydperk van godheid ... waarin hy volkome vrede en geluksaligheid sal vind.

Uit bogenoemde blyk dit duidelik dat die holistiese etiek 'n humanistiese etiek is wat sy fundering in die mens self vind en wat vyandig staan teenoor die Christelike etiek weens laasgenoemde se aandrag op engheid en uniekheid.

5.2.1.2 PANTEÏSME (ALLES IS GOD)

Die godsbegrip wat wesenlik van die New Age is toon ooreenstemming met dié van die Hindoeï sme. Die kosmos is fundamenteel 'n geestelike werklikheid want alles wat bestaan is God en God is alles (Lutzer & De Vries 1989:17). God is nie 'n persoon nie, maar is 'n onpersoonlike energie, krag of bewussyn. Dit word Brahman in

die Hindoeï sme genoem (Groothuis 1986:10). Brahman is die absolute, die enigste, die wêreldgrond, die 'werklikheid van die werklikheid', nóg voorwerp, nóg persoon, ondefinieerbaar en ondeurgrondelik (Ouweneel 1978:47).

Shirley Maclaine (1986:172) sê dat die groot waarheid van die New Age daarin geleë is

... that the one individual is his or her own best teacher, and that no other idol or false image should be worshipped or adored because the God we are all seeking lies inside oneself, not outside.

Eileen Caddy (1979:1), een van die stigters van die 'Findhorn Community', gee die volgende boodskap:

... I am the alpha and the omega and all life. Rejoice, My beloveds, for you are all part of the glorious wholeness, all part of that glorious oneness.

Die New Age sien God as 'n oewerlose oseaan. God is een met die totale universum. Hy is nie 'n Persoon' nie, selfs nie eers die bese nie. God is nie Skepper nie, maar die Gees van die kosmos. Die

⁶ Dit is 'n heilstaat, 'n denkbeeldige staat waar almal, die sg. mensheid, in vrede en geluk sal saamleef. Dit is ook afgelei van die Griekse woorde 'ou' en 'topos', in terme waarvan dit vertaal kan word as: 'Daar is nie so 'n plek nie' (Buitendag & Van der Merwe: 1991:77).

grense tussen God en die kosmos word sodoende heeltemal uitgewis en God word verswelg deur hierdie vae oneindigheid. Dit is waarom Capra (kyk afdeling 5.1) graag teruggryp na die begrip *Tao*, die onpersoonlike sentrum van kosmiese energie waarin alles geïntegreer word. Dit is die 'Al' waarin alle polarisasie opgelos word (Buitendag & Van der Merwe 1991:42). Die *Gaia*-beginsel⁷ kom ook hier pertinent ter sprake omdat hierdie panteïstiese eenheid, lewend gesien word as die moederorganisme wat alles voortbring. Vanweë hierdie rede word daar ook 'n hoë premie op byvoorbeeld omgewingsbewaring geplaas. Die *Gaia* is verwond deur besoedeling, natuurlike hulpbronnuitputting en vernietiging van duisende plant- en dierspesies. Daarom word die mens opgeroep om bome te plant, besoedeling te bekamp, landboutegnieke aan te pas, ensovoorts.

Dit hou verder ook in dat die skeppingswerk nooit as afgehandel beskou word nie, maar steeds voortgaan. Nie dat dit noodwendig 'n teologiese onhoudbare stelling is nie, maar die implikasie wat dit vir 'n panteïstiese Godsbeskouing inhou, is volgens Buitendag (1991:43) geweldig. Dit beteken dat nie net die skepping voortgaan nie, maar ook die Skepper. God is dus besig om self gevorm te word!⁸

5.2.1.3 ANTROPOTEÏSME (DIE MENS IS GOD)

As alles God is, is die mens ook God. Volgens Roszak (1977:25) moet die mens se strewe wees

... to awaken to the god who sleeps at the root of the human being .

Sodra die mens nader kom aan die geheimsinnige grens waar hy hom laat opneem in die kosmiese bewussyn, (Brahman), ervaar hy die goddelike werklikheid, nie as iets buite homself nie, maar as iets wat binne hom klop. Die vergoddelike makrokosmos⁹ (Brahman) word weerspieël in die vergoddelike mikrokosmos¹⁰ waarvan die mens self deel is (Dreckmeyr 1991:4). Dit geskied via evolusie¹¹ van die

⁷ Gaia is 'n Griekse mitiese figuur wat breedweg 'moeder Aarde' genoem kan word. Gaia word deur die New Age beweging gebruik as term om na die aarde te verwys sou dit 'n lewende organisme wees. Gaia is die versamelgod wat volgens die holiste deur alle godsdienste erken en aanvaar moet word. Gaia, in plaas van God drie-enig, moet dus aanbid word as die god van die Aarde en die god van die Nuwe Wêreldorde (Buitendag & Van der Merwe 1991:70).

⁸ Die volmaaktheidsattribuut wat die teologie nog altyd aan God toegeken het, bly hiermee in die slag.

⁹ Makrokosmos word deur die New Agers geïnterpreteer as die grootste heelal of geordende geheel.

¹⁰ Mikrokosmos word deur die New Agers geïnterpreteer as die kleinste heelal of kleinste geordende geheel.

bewussyn. Hierdie proses kan gestimuleer en gerig word deur bepaalde tegnieke, terapieë en oefeninge soos yoga,¹² meditasie¹³, selfdisiplinering en psigoterapie. Hierdeur kan die mens se moontlikhede, waardes en intensies ontwikkel word in die rigting van selfvergoddeliking (Verkuyl 1989: 23–24).

Naas die mens se pogings om homself tot god te verhef, verskaf goddelike geeste of 'die boodskappers' ook hul direkte dienste as kosmiese magte om die mens te hulp te snel. Die New Age wil die mensheid gereed maak om die goddelike te ontvang. Die mens moet god-gekondisioneer word om die leiding van die geeste te kan inroep (Van der Walt, Fowler & Venter 1990:44).

Die evolusie van die bewussyn geskied dus van die selfbewussyn via die kosmiese bewussyn na die selfgod-bewussyn. Die god-bewussyn is die laaste fase van die metamorfose. Hier is die mens volkome vry. Hy is sy eie skepper wat wêrelde, skoner as hierdie wêreld, na willekeur kan skep (Matzken 1990:64–65).

5.2.1.4 REÏ NKARNASIE (DIE MENS SE BESTAAN IS DIE SOM VAN VORIGE LEWENS)

Die reï nkarnasietema word sterk by die werk van die meeste van die *New Age*-skrywers aangetref, alhoewel daar tog skrywers soos Capra is, wat dit nie meld nie (Van der Walt et al. 1990: 56). Met reï nkarnasie word bedoel dat die siel van die een liggaam na afsterwe oorgaan in dié van 'n ander liggaam. Wat die mens in hierdie lewe doen, bepaal hoe sy of haar toekomstige lewe daar gaan uitsien. Volgens Lutzer & De Vries (1989:75) se beskrywing van die New Age kan die mens selfs in verskillende 'liggame' voortbestaan nadat sy fisiese liggaam, wat in elk geval net 'n illusie is, sterf. Iemand se karma

¹¹ Een van die redes waarom New Agers wel in 'n toestand van volkomenheid waarheen die mensdom op weg is kan glo, is omdat dit evolusionisties ingestel is (Capra 1989: 309–321).

¹² Yoga is 'n dissipline wat in die Hindoeï sme en Boedhisme aangetref word en wat daarop gemik is om 'n mistieke belewenis van die lewe te bevorder en in sommige gevalle die beoefenaar tot mistieke eenwording met die goddelikheid te voer (Buitendag & Van der Merwe 1991:72).

¹³ Meditasie behels mistieke nadenke en konsentrasie. Dit is gerig op die uitlig van die geestelike bewussyn bokant die praktiese of rasonale bewussyn en beoog die bereiking van 'n verhewe vorm van bewussyn – 'n bewussyn van die diepste werklikheid (Buitendag & Van der Merwe 1991:73).

¹⁴ bepaal die graad van geestelikheid in sy volgende reïnkarnasie. Mense het deel aan die proses van kosmiese evolusie waardeur hulle 'n hoër vorm van goddelikheid kan bereik (Matzken 1990:44). Die finale uitkoms is nirvana,¹⁵ die bevryding van die siel (Atman) wanneer dit geabsorbeer word in die ewige werklikheid (Brahman).

5.2.1.5 SINKRETISME (ALLE GODSDIENSTE IS IN WESE GELYK)

Volgens die New Age word God egter nie net panteïsties¹⁶ verstaan nie. Hy word ook veralgemeen. Dit beteken dat geen uniekheid aan die drie-enige God toegeken word nie, maar dat Hy soos en naas ander gode is. In die teologie word ook van sinkretisme gepraat. In die New Age denke kom die sinkretisme daarin na vore dat alle godsdienste gelyk is en dat daar gevolglik baie weë na die een waarheid is. Godsdienverskille is volgens die New Age beweging kunsmatige verskille wat nie werklik saak maak nie (Van der Walt et al. 1990:34). Alle godsdienste verkondig in wese dieselfde waarhede: Jesus Christus van die Christene, die Messias van die Jode, die vyfde Boeddha van die Boeddhiste, die Imam Mahdi van die Moslems en die Krishna van die Hindoes is almal 'die boodskappers' van dieselfde goddelike hiërargie en almal is manifestasies van God (Dreckmeyr 1991:5). Ook hierdie opvatting strook met die eenheidsdenke of holistiese denke van die New Age beweging.

Die New Age gebruik aldus Verkuyl (1989:26), 'n nuwe sleutel om die godsdienste te interpreteer, naamlik esoteriese kennis. Omdat verskillende godsdienste se leerstellings teenstellings het wat onversoenbaar is, word leerstellings negeer. Wat belangrik is, is godsdienstige ervarings en die gevoel van eenheid met die kosmiese energie of krag, 'God'. Hierin kan die rede jou nie van hulp wees nie, maar

¹⁴ Karma is 'n godsdienstige begrip. In die Boedhistiese geloof word van goeie karma (dade of geeste) en slegte karma gepraat. Die mens gaan volgens dié geloof nie dood nie, maar verwissel net van liggaam. Indien die goeie karma domineer, word die mens met elke reïnkarnasie beter totdat hy goddelike status verkry. Maitreya en Christus is slegs profete wat oor goeie karma beskik. Al die sogenaamde Oosterse ghoeroes (leermeesters van mistieke 'waarhede') is heiliges met goeie karma. Hulle beskik derhalwe oor groot wysheid. Van hierdie ghoeroes word skatryk in Amerika, omdat hulle oor sg. heiligheid beskik.

¹⁵ Nirvana is 'n Indiese konsep wat dui op die saligheid in die hiernamaals waar die individuele siel sy identiteit prysgee en opgeneem word in die allesdeurdringende wêreldgees (Hindoeïsme), of waar die individuele gees tot niet gaan (Boedhisme) (Buitendag & van der Merwe 1991:74).

¹⁶ Panteïsme kom van twee Griekse woorde (pan = alles + theo = god) wat letterlik beteken 'alles is God/goddelik'. Tussen God en die sigbare werklikheid word dus geen wesenlike onderskeid gemaak nie (Van der Walt et al. 1990:13). Kyk ook voetnota 21.

... you must use the right technique to get plugged into ultimate reality. Irrationality is in; reason is out. The basic lie is: feel, don't think. (Lutzer & De Vries 1989:20.)

Alhoewel die New Age beweging soms voorgee dat dit Christelik is, is dit 'n direkte ondergraving van die Christelike geloof. Om hierdie stelling te staaf sal kortliks by die New Age gebed stilgestaan word. In plaas van die 'Onse Vader' wat deur Christus self as gebed gegee is, het die Planetariërs 'n eie gebed geskep wat soos volg lees as dit vry vertaal word:

*Van die punt van Lig
in die Gees van God
Laat die lig stroom in
die denke van die mens
Laat Lig tot die aarde neerdaal*

*Van die punt van Liefde
in die hart van God
Laat die liefde stroom in
die harte van die mensheid
Mag Christus na die aarde terugkeer*

*Van die sentrum waar
die wil van God bekend is
Laat dié voorneme die
wil van die mensheid bepaal
Die doelstellings wat die
Meesters van wysheid ken en dien*

*Van die sentrum wat
ons die menslike ras noem
laat die Plan van liefde
en lig uitwerk
En mag die deur verseël word
waar boosheid regeer
Laat Lig en Liefde en
Mag die Plan op aarde herstel*

(Oorspronklike gedig in Alkama [S.a.]:9)

Met die eerste oogopslag mag dit selfs lyk asof hierdie gebed Christelik is, totdat dit ontleed word. By die interpretasie van dié gebed moet die volgende ingedagte gehou word: Die **God** wat hier genoem word is nie die drie-enige God wat die Christen aanbid nie, maar die sinkretiese god, **Gaia**. Die **Lig** word nie in die Bybelse sin verstaan nie, maar daar word aan die lig van Lucifer gedink wat soms die engel van die lig genoem word. **Liefde** beteken nie die liefde van God vir die mens of die liefde van die mens vir God nie, maar met liefde word in die gebed 'n kosmiese krag bedoel waardeur alles een word en alle teenstellinge opgehef word, ook die teestelling tussen goed en kwaad. Met **Christus** word nie die Seun van God

bedoel nie, maar 'n profeet soos baie ander profete.¹⁷ Die *meesters van wysheid* kan op die Kabalistiese Sanhedrin dui terwyl die *Plan* dui op die plan vir 'n nuwe wêreldorde. *Menslike ras* en *mensheid* dui op die vergoddelikte mens wat planetaries bestaan. Verder moet die term *mag* wat in die gebed voorkom, nie misgekyk word nie. *Absolute mag* sluit alle ander vorme van mag uit. Daar is dus geen sprake van God nie, maar net die mag van die vergoddelikte mens wat oor alles sal beskik, selfs oor lewe en dood (Alkama [S.a.]:10–11).

Die New Age word ook deur 'n sterk optimisme ten opsigte van die toekoms gekenmerk. Daarom word gesê dat die New Age beweging die ideale religie vir die 'hi-tech'-samelewing van vandag is (Van der Walt et al. 1990:11).

Verder figureer ook die veranderingsbeginsel baie sterk in die New Age-filosofie. Die New Agers glo dat transformasie¹⁸ nodig is vir die redding van die mensdom uit die benarde situasie waarin dit verkeer. Hulle poog om die sekulêre humanisme¹⁹ as heersende filosofie in die wêreld te vervang. Dit word algemeen aanvaar dat die huidige wêreldsamelewing 'n proses van paradigmaverandering ondergaan as gevolg van tegnologiese, ekonomiese en politieke veranderinge. Hieraan koppel die New Age-filosofie die geestelike transformasie wat die mensdom moet ondergaan om die nuwe orde te laat realiseer (Oosthuizen 1991:117–118, 189–190). Deur die verandering van die denke of bewussyn van die individu moet die verandering in die wêreld teweeggebring word (Hunt & McMahon 1988:199).

Nog 'n kenmerk van die New Age beweging, is die feministiese aard daarvan. Sedert die oudste tye word die vrou met die natuur vereenselwig. Dit sluit aan by die New Age-natuurbeskouing. Die verering van Gaia is die uitgangspunt van die New Age se sienswyse van die vrou. Vir hulle is daar 'n natuurlike verwantskap tussen vroulikheid en die ekologie. Die vroulike eienskappe in die natuur, soos skoonheid en reinheid, moet oorgedra word na die maatskaplike en politieke lewe. Daarom speel feministiese bewegings 'n prominente rol in die New Age. Dit gaan nie meer om die gelykwaardigheid van die vrou teenoor die man nie, maar dit gaan as't ware nou om die vrou se meerderwaardigheid teenoor die man (Alkama [S.a.]:5).

¹⁷ Daar word dikwels van 'Jesus the Christ' gepraat en dan word 'Maitreya' bedoel wat 'n gerei karneerde mens is, soos Boeddha en andere (Alkama [S.a.]:10–11).

¹⁸ Transformasie is die proses waardeur mense se bewussyn, denkpatrone en instellings verander word (HAT 1994: s.v.'transformasie').

¹⁹ Die sekulêre humanisme is van mening dat die mens goed is en dat niemand fundamenteel hoef te verander nie.

5.3 WIE OF WAT IS DIE NEW AGE? – VERSKEIE SIENINGE

Hierdie vraag is nie maklik te beantwoord nie. Tereg meld Van der Walt et al. (1990:5) dat dit byna so moeilik is om die New Age beweging te beskrywe as om vas te stel wat 'n verkleurmanneltjie se kleur is! Enkele redes hiervoor is die volgende: eerstens het die New Age beweging 'n sterk anti- en selfs irrasionalistiese trek; tweedens gaan dit taamlik eklekties te werk²⁰ en derdens is beleving by die New Age beweging (veral emosionele beleving) of ervaring belangriker as leerstellinge (Van der Walt 1990:5).

Daar is verskillende sieninge aangaande die New Age, byvoorbeeld dat die New Age nie 'n bepaalde organisasie met sekere oogmerke is nie, maar eerder

... a melting-pot of ideas, with many forms and faces (Lucas 1996:13).

Dit is dus eerder 'n denkrigting wat al vinniger versprei en wat duisende organisasies en miljoene persone saamsleur (Mc Loud 1990:1), of soos wat Elliot Miller (1989:15) dit stel:

The New Age Movement then is an extremely large, loosely structured network of organizations and individuals bound together by common values (Based in mysticism and monism – the world view that 'all is one') and a common vision (a coming 'New Age' of peace and mass enlight(en)ment, the 'Age of Aquarius').

Rachel Storm beskryf die beweging as

... a vast umbrella movement embracing countless groups, gurus and individuals, bound together by a belief that the world is undergoing a transformation or shift in consciousness which will usher in a new mode of being, an earthly paradise ... By dismissing logical argument, by putting intuition above intellect and feeling above theory, the New Age happily embraces wildly differing creeds. For the New Age is not 'either / or' but 'both / and', as its proponents so often insist. (Miller 1989:15.)

Marilyn Ferguson (Cumbey 1986:59) beskryf die struktuur van die New Age beweging as 'n geknoopte visnet. Die duisternis van knope is almal direk of indirek met mekaar verbind. Sy beleef die New Age as

... a source of power never before tapped in history: multiple self-sufficient social movements linked for a whole array of goals whose accomplishment would transform every aspect of contemporary life.

Die voordeel van so 'n netwerk-struktuur is dat die New Agers hulle maklik kan distansieer van 'n persoon of organisasie wat 'n verleentheid word. Constance Cumbey (1986:55) sê dat daar slegs in Amerika en

²⁰ Die New Age het nie beswaar om gedagtes aan 'n verskeidenheid – selfs botsende – gedagtewêreldes te ontleen nie.

Kanada meer as 10 000 New Age-organisasies is. Die New Age beweging poog om behoudende organisasies op mediese, godsdienstige, politieke en besigheidsterrein te infiltrer:

The New Age Movement ... encompasses a number of groups and submovements, such as: the Holistic Movement, Humanistic Psychology, Transpersonal Wave, Third force, The New Spirituality, the Human Potential Movement, Secular Humanism, and Humanism (Cumbey 1986:55).

Volgens Donald Keys (Miller 1989:66) is die New Age

[A] new kind of world – the world into which we are already moving – requires a new kind of person, a person with a planetary perspective, with a different, more inclusive awareness, a person with a more humane and integral consciousness, capable of identifying with the entire human species and with planetary life. This requires a leap to a quality of consciousness which most of us do not automatically possess. It implies a quantum shift to a state of being which is fundamentally different from the divided or fragmented consciousness which has gone before.

Volgens John Eidsmore (Saliba 1999: 45) is die New Age 'n religieuse beweging

... [it] recognizes a spiritual reality, offers explanations for man's origins, man's place in the present universe, and man's ultimate destiny, and offers diagnoses and solutions for man's spiritual problems.

Constance Cumbey (1986:40) is selfs meer eksplisiet as sy sonder enige huiwering die New Age beweging as 'n georganiseerde godsdienst verklaar:

The New Age Movement is a religion complete with its own Bibles, prayers and mantras, Vatican City/Jerusalem equivalents, priests and gurus, born-again experiences (They call it 'rebirthing'), spiritual laws and commandments, psychics and 'prophets', and nearly every other idea of religion.

As gevolg van sy komplekse infrastruktuur is dit moeilik om die beweging te identifiseer. Mense is dikwels heeltemal onskuldig betrokke by hierdie organisasie en verkeer onder 'n wanindruk wat betref die ware aard en doelstellings van die organisasie omdat hierdie beweging 'n masker van ongelooflike ordentlikheid dra (Alkama [S.a.] 1990:7). Omdat New Agers dit goed bedoel, word selfs Christene by hulle aktiwiteite betrek:

They are often sucked in by good intentions and held in by sophisticated forms of mind control (Cumbey 1986:61).

Venter (Van der Walt et al. 1990:51) toon aan dat die New Age nie as 'n sameswering teen een of ander groep gesien moet word nie. Volgens hom toon die New-Age geskrifte 'n variasie van standpunte en daarom moet dit eerder 'n beweging of 'n stroming genoem word.

Dis nie 'n skool nie, en dis nie 'n enkele organisasie nie. Dis verskeie los groepe en individue wat oral aan die werk is en wat geleidelik deur hulle publikasies bymekaar begin uitkom het ... My basiese hipotese is dus dat die New Age beweging nie 'n nuut-uitgedinkte sameswering is nie, maar 'n nuwe

opwelling van variërende okkultistiese lewensvisies, wat - met 'n duidelike Oosterse bymengsel - tog nog al die tyd onder die oppervlak(te) in die Westerse tradisie aanwesig was. (Van der Walt et al. 1990: 52–53.)

Uit bogenoemde is die duidelik dat die New Age 'n beweging is wat 'n alternatiewe lewens- en wêreldbeskouing aan die mens bied. Dit is in beginsel humanisties en holisties en vergoddelik die mens. Van die verlossing in Jesus Christus is daar geen sprake nie (Alkama [S.a.]:1). In baie gevalle is daar 'n duidelike verwerping van die Christendom. Douglas Groothuis beskryf die New Age as

... a smorgasbord of spiritual substitutes for Christianity, all heralding our unlimited potential to transform ourselves and the planet so that a 'New Age of peace, light and love' will break forth (Cole 1990:6).

Die beweging streef na 'n Nuwe Wêreldorde onder die algemene leierskap van 'die Christus' wat 'n valse wêreldmessias is. Die Nuwe Wêreld-beskouing streef na universalisme en sintese op bykans elke terrein van die die lewe. Daar is mense wat oortuig is dat hierdie beweging die wêreld gereed maak vir die verskyning van die Antichris en dat dit beskryf kan word as die magtigste arm van Satan wat die wêreld wil indwing in 'n panteï stiese²¹ satanaanbidding (Rautenbach [S.a.]:2).

Volgens ds. Rautenbach ([S.a.]:2) word die koms van 'n nuwe 'christus' op sluwe wyse vanuit die astrologie²² geregverdig. Daarom staan die New Age ook bekend as die *Aquarian*-tydperk. Dit neem die son net meer as 25 000 jaar om sy sirkelbeweging te voltooi. Hierdie sirkelbeweging word vergelyk met die dierierem²³ wat verdeel word in twaalf tekens. Vir die son neem dit ongeveer 2 100 jaar om deur een van dié tekens of sterrebeelde te beweeg en dié tydperk staan bekend as 'n 'era'. Sterrekundiges leer dat die son met die skepping die teken Taurus ingegaan het en dat Abraham geleef het in die era bekend as Aries. Toe Jesus gebore is, het die son die Pisces-era (Vis) ingegaan en daarom is dié tydperk ook bekend as die Christelike era met sy visteken (Alkama [S.a.]:1). Nou, na 2 000 jaar, staan ons weereens

²¹ Panteï sme is die leer waarvolgens God gelykgestel word met die magte en kragte van die natuur en die heelal (Hat 1994, s.v. 'Panteï sme'), kyk ook voetnota 16.

²² Astrologie is die bestudering van die bewegings van hemelliggame in die geloof dat die aardse lewe deur sodanige bewegings bei nvloed word. Dit is dikwels ook fatalisties.

²³ Die dierierem is 'n gordelgebied in die naghemel wat al die sigbare posisies van die son en die planete bevat. Dit is deur die ou sterrekykers in twaalf dele verdeel, in ooreenstemming met die twaalf maande van die jaar, elk met sy eie teken. Vroeër is foutiewelik aanvaar dat elke teken 'n eie sterrestelsel uitmaak. Astroloë glo dat 'n teken die lewens van mense bei nvloed.

aan die begin van 'n nuwe era, waar die son die Aquarius-era (Waterdraer)²⁴ ingaan met 'n nuwe 'christus' wat moet verskyn. Die New Age beweging beweer dat die *Solar Logos* aan die begin van elke era 'n 'christus' stuur, wat dan met sy besondere leringe na die wêreld kom. Die 'christus' wat nou gaan kom sal glo die belangrikste en finale 'christus' wees (Rautenbach [S.a.]:2). Volgens die New Agers voorspel dit 'n nuwe, goue era van vrede en voorspoed waartydens mense van oor die hele aardbol mekaar sal vind (Mc Loud 1990:1). Teenoor die voorafgaande materialistiese tydperk van die verheerliking van verstand en wetenskap, sal dit ook 'n geestelike era van die mistieke²⁵ en okkulte wees. Die New Age wil die mens derhalwe vir 'n totale nuwe tydperk gereedmaak (Van der Walt et al. 1990:12).

Oosthuizen (1991: 49–98) toon baie duidelik aan dat die New Age filosofie 'n mistieke²⁶ oorsprong en grondslag het waarop dit bou. Hierdie mistieke element werk mee aan die transformasieproses na 'n nuwe globale utopiese wêreldorde.

New Agers beweer verder dat dit 'n tydperk van die gees is waartydens die skepping wedergebore word tot iets nuuts en iets anders. Waar die tydperk van die Visse geken was deur die rede, rasionaliteit, analise, manlikheid, kragdadigheid en polarisasie, is hierdie nuwe tydperk eerder bekend vir intuï sie, emosionaliteit, sintese, vroulikheid, liefde en harmonie (Buitendag & Van der Merwe 1991:17).

Die skrywer se siening stem ooreen met dié van Buitendag & Van der Merwe (1991:9) dat die New Age die totale werklikheid aanraak. Die New Age beweging is 'n belangrike geestelike, kulturele en sosiale mag wat die mens en samelewing wil transformeer. Die New Age kom tot vergestaltung in talle bewegings onder andere: *The Aquarian Conspiracy*, *The Age of Aquarius*, *Humanistic Psychology*, *Networking Movement*, *New Thought Religion*, *The New Church*, *The Third Wave*, *The Third Force*, *New Consciousness*, *Transcendental Movement*, *Human Potential Movement*, *The New Spirituality*, *Secular Humanism*, *Humanism* (Cumbey 1986:249).

²⁴ Binne die 'wetenskaplike konteks' bring 'n nuwe stroming ook 'n nuwe wetenskapsbeskouing. Die klem skuif tans weg van die rasionele, wat die Westerse wetenskap die afgelope eeue gekenmerk het, na 'n meer irrasionele, intuï tiewe soort wetenskap (Rautenbach [S.a.]:2).

²⁵ Mistiek is daardie teorie wat sê dat die individu op 'n manier sy identiteit kan verloor deur op te gaan in die universele of godheid (Oosthuizen 1991:49).

²⁶ Die term New Age-filosofie word bestempel as die moderne, gesofistikeerde vorm van die Moderne Mistieke filosofie wat op sy beurt weer die natuurlike resultaat is van die ontwikkelingsproses waardeur die Mistieke filosofie gegaan het. Laasgenoemde is die draer van die holistiese konsep en steun baie sterk op panteï sme (Oosthuizen 1991: 102–103).

Die New Agers gebruik ook as't ware hulle eie vaktaal met 'n eie unieke woordeskat. Marilyn Ferguson (Cumbey 1986:258) sê hulle kommunikeer deur middel van sekere kodewoorde en tekens. Tipiese voorbeelde is:

'holistic, transformation, spaceship earth, global village, interdependent or interdependence, manifestation or manifest, initiation or initiate, crowded planet, transcendent, conscious-raising, paradigm or new paradigm, vision or new vision, global thread, new consciousness, planetary vision, global vision transpersonal'.

5.4 GESKIEDENIS VAN DIE NEW AGE

Die gedagte van 'n nuwe goue era het reeds so vroeg as die twaalfde eeu bestaan. Joachim de Flores (1135–1202) het in sy interpretasie van die geskiedenis gesê dat daar drie opeenvolgende eras voorkom, naamlik die era van die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Hy identifiseer die era van die Vader met die Ou Testament, die era van die Seun met die Christendom soos vergestalt in die Rooms Katolieke Kerk, terwyl die era van die Heilige Gees dié van die Seun opvolg (Melton 1990:30). Die derde, wat ook die era van liefde, vreugde en vryheid is, sou volgens hom in 1260 begin. Die weg vir die koms van dié nuwe era sou deur 'n nuwe orde van monnikke berei word (McIntosh 1980:37–38). In 1614 is 'n pamflet, getiteld *The Declaration of the Worthy Order of the Rosy Cross*, in Duitsland gepubliseer. In hierdie pamflet is 'n geheime orde, die Rosekruisers, aan die publiek bekend gestel. Dit was duidelik op die Joachistiese gedagte van 'n nuwe, goue era wat voorlê gebaseer en dit lyk asof die skrywers te kenne wou gee dat die orde waarvan Joachim de Flores gepraat het, die van die Rosekruisers was (Mc Loud 1990:2).

In die sewentiende eeu het die gedagte van 'n goue era wat op hande is al meer begin veld wen. Norman Cohn gaan so ver om te sê dat die idees van Joachim de Flores die invloedrykste was wat Europa geken het voor die opkoms van Marxisme (McIntosh 1980:37–51). Die gedagterigting van die goue era het uiteindelik uitgekristaliseer gedurende 1920 tot 1940 toe 'n hele paar organisasies die koms van 'n wêreldleermeester en daarmee saam die aanbreek van 'n nuwe era, verwag en gepropageer het. Die invloedrykste van dié organisasies was die Teosofiese Vereniging²⁷ wat reeds in 1875 deur Helena

²⁷ 'n Basiese uitgangspunt van hierdie Vereniging is dat alle wêreldgodsdienste gemeenskaplike waarhede het wat belangriker is as die verskille tussen hulle. Dit verskaf die basis vir onderlinge samewerking. Die Teosofiese Vereniging het dus 'n eklektiese karakter, d.w.s. dit is 'n sameflansing van baie godsdienste en filosofieë, maar dit is nietemin uitgesproke vyandiggesind teenoor die Christendom en Judaïsme. Rei nkarnasie, evolusie en die uiteindelijke godheid van die mens, is die kern van hulle lering. Veral die Oosterse godsdienste figureer baie sterk in hulle filosofie, veral die Hindoeïe sme (Alkama [S.a.]:3).

Petrovna Blavatsky²⁸ in Amerika gestig is. Dié datum word allerweë as die 'amptelike ontstaan' van die New Age beweging beskou. Blavatsky het ook 'n tydskrif *Lucifer*²⁹, begin (Mc Loud 1990:2). Na Annie Besant,³⁰ wat Blavatsky as leier opgevolg het, se mislukte poging om Krishnamurti as die 'christus' aan die wêreld voor te stel, het Alice Ann Bailey³¹ die mondstuk van die 'Meesters'³² geword. Sy begin in 1922 die *Lucifer Publishing Company* (die naam is later na *Lucis Publishing Company*³³) verander. Behalwe die *Arcane School*, die *New Group of World Servers*, *Triangles* en *World Goodwill* wat deur haar begin is, het sy ook 25 boeke geskryf om die New Age gedagterigting te bevorder (Cumbey 1986:49). Haar werk het in die fynste besonderhede aanleiding gegee tot die totstandkoming van die Nuwe Wêreldorde. Alice Bailey se man Foster, was aktief betrokke by Vrymesselary.³⁴ Volgens Cumbey (1986) is die leerstellings van die Vrymesselaars en die New Age ongelooflik identies. Beide van hierdie bewegings het 'n panteïstiese godsdiens en is voorstanders van universalisme. In 1933 was daar reeds 700 sektes by die Teosofiese Vereniging geaffilieer (Mc Loud 1990:2) en sedertdien het duisende organisasies soos paddastoele opgeskiet ten einde 'n bydrae te lewer tot die voorbereiding vir die koms van die Nuwe Era.

²⁸ Sy was 'n wêreldswerwer van Russiese oorsprong wat beweer het dat sy van haar kinderjare die nabyheid van beskermgeeste ervaar het. Haar persoonlike geskiedenis toon verskeie tekens van emosionele onstabieliteit en 'n vrugbare verbeelding. Sy verdiep haar in mistiek, spiritisme en natuurgenesing. Sy verwerf geleidelik die reputasie van 'n heldersiene, psigiese geneser en wonderdoener (Buitendag & Van der Merwe 1991:23).

²⁹ 'n Wisselnaam vir Satan.

³⁰ Sy was 'n Engelse dame wat oor uitmuntende leierseenskappe bekik het en deur haar toewyding slaag sy daarin om die Teosofiese Vereniging na Helena Blavatski se dood weer momentum te laat verkry (Buitendag & Van der Merwe 1991:25).

³¹ Sy het tussen 1919 en 1949 onder leiding van 'n demoon, wat homself as die Tibetaan of Djwal Khul aan haar voorgestel het, 25 boeke geskryf (Alkama [S.a.]:3).

³² Die 'meesters' was wesens van 'n hoër orde, wat in werklikheid demone was (Alkama [S.a.]:3).

³³ In Suid-Afrika versprei die Lucis Press New Age leesstof in Afrikaans, Engels, Sotha, Shangaan, Tswana, Xhosa en Zoeloe (Alkama [S.a.]:3).

³⁴ Hoewel die huidige vorm van Vrymesselary slegs 'n paar eeue oud is, is die godsdienstige beskouings wat daarin leef baie oud. Vrymesselary is 'n geheime internasionale organisasie wat o.a. broederlikheid onderling, geestelike en sedelike verheffing, onderlinge waardering en hulpbetoon voorstaan (HAT 1994: s.v 'vrymesselary').

Daar is reeds voor die Tweede Vryheidsoorlog 'n Teosofiese Vereniging in Suid-Afrika (Johannesburg) gestig. Een van die persone wat by die vereniging betrokke was, was Ghandi, hoewel hy nooit amptelik lid geword het nie. Nog 'n persoon wat daar ingeskakel het, was Johanna Brandt³⁵ (skryfster van *Die Kappiekommando*). Johanna Brandt het in 1916 mistieke visioene ontvang waarin sy as profeet gesalf is. Behalwe voorspellings oor Suid-Afrika self, sien sy visioene oor harmonie as die sleutel tot die toekoms en stig sy 'n orde om hierdie harmonie (tussen rasse, geslagte, godsdiens en politiek, gees en rede, natuur en wetenskap) te bevorder. Volgens haar begin die bevordering van harmonie by jousef; 'n gesonde gees benodig 'n gesonde liggaam – hiervoor wend sy natuurlike geneeskunde aan. Haar orde verset hom ook teen eksperimente op diere, chemies-behandelde voedsel, alkoholiese drank en die wapenwedloop. Volgens Johanna Brandt is die hele wêreld in 'n oorgangstydperk, naamlik die tydperk van die Waterdraer. Sy dink spiritualisties en aanvaar ook 'n soort evolusieleer. Al die temas van die New Age beweging is reeds in kiem by haar aanwesig. Wat meer is: hulle is gebaseer op die Westerse okkultisme. Sy het onder andere geskrifte uit die *Corpus Hermeticum*³⁶ te lese gehad (Van der Walt et al. 1990:63). Haar gedagtes is nie alleen deur geskrifte nie, maar ook deur 'n twee jaar lange besoek aan Amerika uitgedra. Haar boeke word vandag in Amerika, waar sy ook as 'n vroeë grondlegger beskou word, in die geleedere van die New Agers hoog aangeslaan (Buitendag & Van der Merwe 1991:25).

Wat treffend is ten opsigte van die historiese aanlope tot die New Age-gedagte, is die geweldige invloed wat die Oosterse godsdiens, veral die Boeddhisme³⁷ en die Hindoeïe sme³⁸ daarop gehad het (Mc Loud

³⁵ Lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk wat haar tydgenote was, het haar merendeels as 'n moeilike en eiesinnige mens beskou, met min konsiderasie vir haar man se predikantskap of selfs die feit dat hy vir 'n tyd lank moderator van sy kerk was (Buitendag & Van der Merwe 1991:25–26).

³⁶ Hierdie stel geskrifte is beskou as 'Christelik', omdat hul na Christus verwys. Aanvanklik is aanvaar dat hulle uit antieke Egipte kom, wat sou beteken dat die geskrifte van heidense profete 'n bepaalde goddelike sanksie gehad het omdat God die Messias homself ook aan hulle sou openbaar het. Die Calviniste het later oortuigend aangetoon dat die *Corpus Hermeticum* na die omwandeling van Christus op aarde ontstaan het, en dat die verwysings na Christus daarin gevolglik geen profetiese gesag dra nie (Van der Walt et al. 1990:60).

³⁷ Die Boeddhisme is 'n godsdiens ouer as Hindoeïe sme. Dit het ook sy oorsprong in Indië gehad. Dit leer dat heil geleë is in die oorwinning van die selfhandhawingsdrang asook die hunkering na geestesuitwissing, om so aan die las van 'n ewige reïnkarnasie te ontkom (Buitendag & Van der Merwe 1991:27).

³⁸ Die godsdiens waaraan die meeste hedendaagse Indiërs behoort.

1990:2). Sowel die Hindoeïsme as die Boeddhisme vind hulle wortels in die Vedisme.³⁹ Dit is die godsdiens wat in Indië ontwikkel het na die Ariese inval uit die noorde en word beskou as die voorloper van die moderne Indiese godsdiens. 'Vedisme' is van die woord 'Vedas' (die wysheidsboeke van die Vedisme) afgelei. Die Brahmanas is latere Indiese geskrifte wat kommentaar hierop bied. Uit die verbrokkelende Vedisme het die godsdiens Jainisme en Boeddhisme asook die Hindoeïsme ontwikkel (Buitendag & Van der Merwe 1991:26–27).

In die New Age beweging vind ons dat daar gepoog is om 'n verband tussen Jesus en die Oosterse godsdiens te lê. Jesus word byvoorbeeld geïnterpreteer as een of ander ghoeroe.⁴⁰ Om laasgenoemde stelling te verstaan is dit nodig om kortliks te let op wat elk van hierdie godsdiens behels.

5.4.1 BOEDDHISME⁴¹

Die Boeddhisme gaan van die ewige, onverganklike, geestelike werklikheid uit. Ten einde van die lyding van hierdie wêreld te ontkom, is dit nodig om jou by wyse van 'n aktiewe wilswaard los te maak van alle emosies wat 'n mens bind aan medemens of aan hierdie wêreld, of wat verband hou met die oorlewingsdrang. Emosies soos vreugde, droefheid, liefde en pyn moet ontken word. Die Boeddhisme gaan dus uit van 'n bepaalde antimaterialisme en daar is selfs sprake van 'n antipatie teen werk (Buitendag & Van der Merwe 1990:28).

Die Boeddhistiese leer kom neer op 'n middeweg tussen 'n aardse lewe en askese. Dit gaan uit van vier basiese waarhede:

- Om te bestaan beteken om te ly, want alles is verganklik.
- Lying ontstaan as gevolg van begeerte na oorlewing, vanweë die gebondenheid aan die lewe.

³⁹ Die Vedisme vertoon, vanweë sy Ariese verwantskap, aanvanklik groot ooreenkomste met die godsdiens van Persië en selfs die Grieke. Die ou Indiese godsdiens het egter ook hulle invloed laat geld. Ons sien dit in die beginsel van *samsara* (reïnkarnasie) wat vooropgestel word (Buitendag & Van der Merwe 1991:27).

⁴⁰ Ghoeroes is vergoddelike mense met een sentrale boodskap naamlik dat die mens in homself 'n goddelike wese is. Verder word hulle ook gesien as die wegbereiders van die Maitreya (Rautenbach [S.a.]:9–10).

⁴¹ Boeddhisme is die godsdiens van Boedha, wat veral in Indië, Sentraal- en Suid-Asië beoefen word (HAT 1994:97). Met sy siniese beskouing van menslike emosies en sy neiging tot wêreldontvlugting, het dit 'n besondere bekoring vir 'n ontnugterde Westerling.

- Bevryding volg as daar 'n begeerte na die toestand van absolute vrede en rus en 'n bewustelike wegkeer van die wêreld is.
- Die weg van afkeer van die wêreld is die navolging van die Boeddhistiese 'wet' (djarma). Agt stappe is hier ter sprake naamlik regte insig, besluite, waarde, daed, lewe, strewe, denke en meditasie (Buitendag & Van der Merwe 1991:28).

Die leser moet begryp dat Boeddhisme lank gelede reeds in verskeie groeperinge verdeel is. So byvoorbeeld is die Boeddhisme wat op die Viëtnamese platteland nagevolg word, 'n ander Boeddhisme as wat in Japan of Sri-Lanka aangetref word. Hindoeïeisme het Boeddhisme in Indië geheel en al verdring sodat Boeddhisme vandag grootliks buite Indië aangetref word (Buitendag & Van der Merwe 1991:28).

5.4.2 HINDOEÏSME

Kenmerkend van die Hindoeïeisme is die groot getal verskyningsvorme van godsdiensvoorstellings en gelowe in een godsdiens. Die Hindoeïeisme het die vermoë ontwikkel om deur die eeue heen die mees uiteenlopende elemente in hom op te neem en tog in wese onveranderd te bly. Een van dié wat tipies van die Hindoeïeisme (asook Boeddhisme) is, is die aanvaarding van 'n 'ewige kosmiese wet' (karma). Dit kom daarop neer dat 'n mens sal maai wat jy gesaai het. Elke mens bou sy eie karma op.⁴² Solank as wat 'n persoon karma het, is hy gekoppel aan die meedoënlose sirkel van reïnkarnasie⁴³ (Van der Walt et al. 1990:13).

Die Hindoe aanvaar dat die soort lewe wat hy nou lei en dit wat in hierdie lewe met hom gebeur, nie alleen die gevolg is van daed wat hyself vroeër gedoen het nie, maar ook van dinge wat in 'n vorige lewe gedoen is. Dit lei tot 'n fatalistiese lewenshouding.

Die Hindoe, soos die Boeddhis, sien bevryding daarin dat daar uit die reïnkarnasiesiklus ontsnap moet word. 'n Belangrike stap daartoe is die bereiking van geestelike verligting (maya). Dit is ook 'n toestand van onpersoonlikheid waarvolgens die 'al' die individuele persoonlikheid absorbeer. Daar kan drie vorms van 'verligting' geïdentifiseer word, naamlik die bereiking van 'innerlike dieptes' van die individuele siel (waarop Jogategnieke konsentreer), vereniging met die 'kosmiese bewussyn' en laastens die ekstatische vereniging met die godheid deur liefde en toewyding (Buitendag & Van der Merwe 1991:28 –29).

⁴² Karma is 'n lewensdebiet of –kredietrekening.

Die vernaamste verskil tussen Hindoeïsme en Boeddhisme is dat die Hindoeïsme leer dat 'n mens ook langs die weg van liefde (*bakhti*) by verlossing kan uitkom. Vir die Boeddhisme is bakhti een van die emosies wat die mens aan hierdie wêreld bind en verlossing derhalwe teenwerk.

Die totaal New Age beweging word deur 'n uiters geheime organisasie, die Groot Wit Broederskap, beheer. Hierdie organisasie het 'n bepaalde plan, wat eenvoudig 'Die Plan'⁴⁴ genoem word. Volgens 'Die Plan' word gewerk om die hele wêreld onder beheer van Satan te bring, aldus Mc Loud (1990:17). Die New Age in hul opregbedoelde pogings sien dit eerder as 'n poging om algehele harmonie op die aarde te bewerkstellig.

'Die Plan' bestaan uit:

- Die verspreiding van 'lig' (soos wat die okkultiese leringe genoem word).
- Die voorbereiding van die wêreld vir die koms van die 'Christus' (wat sommige Christene die antichris sal noem).
- Die daarstelling van 'n wêreldregering onder beheer van Satan (Mc Loud 1990:2).

Op alle gebiede van die samelewing is New Agers besig om 'n bydrae te lewer in die volvoering van die 'Plan'. Vervolgens gaan daar op New Age doelstellings en metodes gefokus word.

5.5 DOELSTELLINGS VAN DIE NEW AGE

Die doelstellings van die New Age berus op die feit dat alle tradisionele waardes en norme deur nuwes vervang moet word. Die hele bewussyn van die mens moet verander word sodat hy sy geestelike krag ten volle kan gebruik.⁴⁵ So sal die mens heeltmaal in harmonie met homself, ander mense en die hele skepping kom. Deur middel van hierdie nuwe denke, sal daar wêreldvrede tot stand kom. Die mens moet

⁴³ Dit is die herhaaldelike oorlewing van die siel by afsterwe, om daarna in 'n nuwe lewensvorm hergebore te word. Dit word tradisioneel as 'n las gesien, eerder as iets om na uit te sien. Verlossing beteken om van reïnkarnasie bevry te word.

⁴⁴ 'Die Plan' verwys daarna, dat die hele wêreld onder die gesag van die New Age Messias gebring moet word onder 'n enkele wêreldgodsdienst en 'n enkele wêreldregering. Boosheid impliseer vir hulle enigiets wat skeiding veroorsaak. Daarom is dit deel van hulle 'Plan' om die Christendom uit te wis (Alkama [S.a.]:9).

⁴⁵ Volgens hulle gebruik die mens slegs 10% van sy verstand.

'n hele nuwe wêreldbeskouing verkry en oortuigings wat tot dusver gegeld het, moet oorboord gegooi word (Alkama [S.a.]:7).

Die New Age beweging beklemtoon dat alles aan alles verbonde is – in so 'n mate dat alles één is. Die geheel (eenheid) is veel belangriker as die dele (verskeidenheid). New Agers bepleit dus 'n holistiese benadering. Dit het egter 'n baie sterk monistiese aksent ⁴⁶ (kyk afdeling 5.2.1.1). Die eenheid is die primêre fokuspunt en die verskeidenheid is bloot sekondêr (Van der Walt et al. 1990:12).

Die New Age beweging streef na... 'n sintese (eenwording) op elke terrein; die godsdienst, die wetenskap, die staatkunde, die ekonomie, die huwelik en selfs die natuur (Du Toit 1996:9).

Die New Age wil 'n nuwe wêreldorde van eenheid daar stel. Wêreldorganisasies soos die V.V.O., die Wêreldraad van Kerke, die Internasionale Monetêre Fonds, e.d.m. word vir die doel ingespan. F. Barnaby in sy werk 'The Gaia Peace Atlas' (kyk afdeling 5.2.1.2), skryf dat die wêreld deur 'n super-veiligheidsraad regeer sal word (Rautenbach [S.a.]:3). Uit ander geskifte blyk dit dat die Maitreya ⁴⁷ (die New Age 'Christus') aan die hoof van só 'n wêreldregering sal staan.

Op ekonomiese gebied sal 'n wêreld ekonomie geskep word wat alle handel en ekonomiese sake sal beheer. Verder moet daar 'n gelykmakingsproses wees en die verskil tussen ryk en arm moet uitgeskakel word (Alkama [S.a.]:13). Daar moet onder andere 'n universele kredietkaartsisteem wees, asook 'n universele belastingstelsel en 'n wêreldliggaam om die wêreld se kos- en watervoorraad te beheer. In hierdie stelsel speel die nommer 666 'n baie prominente rol. Kompers en satellietkommunikasie maak die moontlikheid van een wêreld ekonomie al groter (Alkama [S.a.]:13).

Handelsbanke moet gedwing word om in te skakel by die New Age en moet verplig word om die embleme en tekens van die New Age te vertoon (handelaars word reeds oor die voordele van die New Age ingelig). Die New Age het reeds met 'n openbare bekendstellingsprogram begin en het hul embleme soos byvoorbeeld die reënboog, die driehoek, die deurmekaar aarde met die embrio daarin en die vredesduif met die aardbol daarop, word op groot skaal vertoon. Hierdie embleme word voorgehou as simbole wat deure oopmaak vir onderhandelinge (Rautenbach [S.a.]:3).

⁴⁶ Dit beteken dat alles wat bestaan of wat met die werklikheid te doen het, na een beginpunt teruggevoer word. Daaruit vloei voort dat goed en kwaad nie meer as twee teenoorstaande beginsels beskou word nie.

⁴⁷ Die New Age stel die Maitreya aan die wêreld voor as 'n verlosser en profeet vir alle godsdienste. Hy word voorgehou as die lang verwagte Jesus van die Christene; die ware Messias van die Jode; die vyfde rei nkarnasie van Boedha van die Boeddhisme; die groot Iman Mahdi van Islam en die Krishna van die Hindoe (Rautenbach [S.a.]:3).

As antwoord op die wêreld se ekonomiese probleme stel die New Agers 'n kontantlose stelsel (universele kredietkaartstelsel) voor. Hiervolgens sal 'n klein skyfie onder elke persoon se vel ingeplant word. As 'n transaksie aangegaan wil word, word 'n kyklens oor die skyfie beweeg wat die identiteit kontroleer, die kredietbalans op die mikroskyfie lees en die oorplasing van fondse hanteer. Die 'strepies-kode' op produkte is volgens Mc Loud (1990:4), die eerste stap in dié rigting.

Verder spits die New Age hul toe op die daarstelling van 'n wêreldgodsdienst d.w.s. 'n godsdienst wat alle godsdienste kan bevredig. Die godsdienste wat nie hierby wil inskakel nie, (soos die Christelike godsdienst) moet uitgeskakel word. Kerke word op groot skaal ingesypel ten einde 'n religieuse gelykstellingsprogram, wat nodig is om die weg van die Maitreya voor te berei, te bevorder (Melton 1990:113).

Die woord Maitreya beteken vriendelikheid en die Maitreya soos vermeld, word as wêreldleraar beskou wat die wêreld se politieke, ekonomiese en godsdienstige probleme gaan oplos. Deur middel van die mededeelsaamheidsbeginsel sal alle hongersnood, wedywering, konflik en ongeregtigheid uitgeskakel word. Die New Age wys dan ook graag daarop dat Jesus self gepleit het vir 'n mededeelsame samelewing (Alkama [S.a.]:8).

Daar is reeds opgemerk dat die New Age holisties, internasionalisties en globalisties georiënteerd is en op pad is om 'n eenheidswêreld te skep. Om hierdie ideaal te verwesenlik, moet alle teenstellings opgehef word: sogenaamde magsblokke moet in 'n sintese saamgevoeg word. Daar is derhalwe nie meer plek vir volkere met 'n eie identiteit nie, aangesien volkere moet opgaan in die groter internasionale gemeenskap. Die teenstelling tussen godsdienst en wetenskap sowel as tussen goed en kwaad moet opgehef word. Hierdie samestellings van teenoorstaandes moet eenheid, harmonie en 'n uiteindelijke universele godheid bewerkstellig (Steed 1978:15). Steed (1978:15) maak 'n lys van die volgende teenstellinge wat opgehef moet word.

God	—	Lucifer
vrede	—	oorlog
liggaam	—	siel
mooi	—	lelik
wit	—	swart
positief	—	negatief
manlik	—	vroulik
gees	—	materie
Ooste	—	Weste

Die sogenaamde volmaaktheid, volkomendheid, volledigheid en godheid verteenwoordig 'n aardse utopie –'n wêreldryk van vrede, geregtigheid en geluksaligheid.

Die opkoms van 'n nuwe tipe mens is onteenseglik sigbaar as gevolg van die werking van die evolusiebeginsel waarvolgens die mens nie net uit die dier ontwikkel het nie, maar homself tans bevind in 'n tussenfase op pad na 'n nuwe tipe mens (die sg. *Homo novus*). *Homo novus* is 'n magsmens wat sy toekoms eiehandig skep; die outonome mens wat in homself volmaak is en geen instansie buite die aarde nodig het nie en ook nie meer enigsins van God afhanklik is nie, omdat die mens self goddelike status verkry het (Alkama [S.a.]:13). Hunt & McMahon (1987:27) praat in dié verband van die mens as 'master of his fate' en 'captain of his soul'. Bogenoemde twee outeurs wys ook daarop dat kinders reeds vandag opgeskerp word om in dié menslike potensiaal en mag te glo en nie meer in God nie. Planetariërs (volgelingen van die New Age beweging) sê onbeskaamd (Hunt & McMahon 1987:27):

[a]nything the human mind can believe, the human mind can achieve.

Die politiese oogmerk van die New Age is wêreldoorheersing. Alice Bailey is van mening dat die hele doel van die totstandkoming van die Nuwe Wêreldorde gerig is op die daarstelling van die New Age 'Christus'. Alle mense moet wêreldburgers wees onder een wêreldregering. Daar moet een wêreldtaal wees, naamlik Engels (Alkama [S.a.]:13).

Die vertrekpunt van 'n wêreldregering is dat daar nie meer van verskillende rasse gepraat moet word nie, maar van 'planeetbewoners'. Een van hierdie organisasies wat poog om skeiding te verwyder is die *Planetary Commission* wat deur John Randolph Price gestig is. Hy beveel aan dat elke persoon op aarde 'n eed teken wat soos volg lees:

Ek sal my deel doen om die fout van die rasgedagte uit te wis (Marrs 1987:44).

In Suid-Afrika moet alle sosio-politieke groepering verdwyn en plek maak vir 'n enkele, onverdeelde samelewing. Vorster (1973:97) skryf:

Dit is duidelik dat uit die hele wêreldburgerskappedagte daar niks goeds gebore kan word vir volk en vaderland nie. Die wêreldburger wil die wêreld as vaderland en die wêreldvaderland wil 'n wêreldregering hê, en dit sal alleen moontlik wees in die hand van 'n wêrelddiktator, die Antichris (die dier waarvan Openbaring 13 praat).

Dit bly ook 'n feit dat 'n volk wat met 'n wêreldbroederskapsgedagte besiel is, geen weerbaarheid van gees en geen vegkrag het nie. En so 'n volk is in hierdie eeu waarin ons leef, net die prooi van die Kommuniste [sosialisme] wat juis op sulke teelaarde weelderig groei.

Die opvoedkundige doelstelling van die New Age kan saamgevat word in die aanhaling van Alice Bailey in *Odyssey* (1986:6):

The true education is the science of linking up the integral parts of man, and also of linking him up in turn with his immediate environment, and then with the greater whole in which he has to play his part.

Op sosiale gebied is die New Agers baie aktief in verskillende programme om die 'vernietiging van die planeet' te voorkom. Hulle is ook op die voorpunt van sommige humanitêre programme soos die Honger Projek. Al die geld van hierdie projek gaan egter primêr vir 'n massiewe menseverhoudinge-veldtog om 'bewussyn' te bevorder (Ferguson 1981:453–457).

5.6 METODEDES VAN DIE NEW AGE

Al die metodes wat die New Age gebruik, kan gesien word as instrumente om 'kragte' te versterk en te verander, om daardeur die mens se aangebore, geestelike vermoëns 'vry' te maak. Die metodes wat die New Age gebruik, is 'n sameflansing van okkultisme, alternatiewe genesingsmetodes en moderne sielkunde (Alkama [S.a.]:15). Malan (1983:15) sê die volgende in hierdie verband:

Die New Age beweging poog om 'n samehang te skep tussen meditasie, positiewe denke, geloofsgenesing, eenvoud en eenwording met die natuur, dieëthervorming, mistisisme, joga, watergenesing, akupunktuur, bewieroking, sterrewiggelary, Jungiaanse sielkunde, bioterugvoer, buitensintuiglike waarneming, spiritisme, vegetarisme, die evolusieteorie, antieke mitologie, sekere tipes seksterapie, argaiese natuurkultusse, Vrymesselary, kabbalistiese leerstellings, chiropraktyk, kruiemedisyne, hipnose en verskeie ander tegnieke wat daarop ingestel is om 'n hoër vlak van bewussyn te skep, insluitende gebruike wat van verskillende godsdienste geleen is.

Die publiek moet gekondisioneer word om die New Age Messias te aanvaar. Cumbey (1986:53) sê dat die publiek grootliks gekondisioneer is om die 'Age of Aquarius' te aanvaar d.m.v. die wydverspreide gebruik van astrologie. Die metodes wat die New Age gebruik om hulle doelstellings te bereik, is so uiteenlopend as hulle lering. Baie groot waarde word geheg aan meditasie soos blyk uit die volgende aanhaling

The emphasis in all esoteric schools is necessarily, and rightly, laid upon meditation (Cumbey 1986:55)

'n Mens stel tydens transendentale meditasie jou gemoed oop vir kosmiese kragte van buite. Demoniese beïnvloeding kan die gevolg daarvan wees aangesien die duiwel en sy gevalle engele in staat is om enige identiteit aan te neem (Bybel 1953 2 Kor.11:13–15). In haar boek, *The Aquarian Conspiracy*, sê Marilyn Ferguson dat die doel van die wydverspreide gebruik van LSD in Amerika was om mense se 'kanale' oop te kry vir 'n 'godsdienstige ervaring'. Dwelms was vir baie mense die eerste kennismaking met die Tydperk van Akwarius en is dikwels die instrument om mense se gedagtes te verander of te transformeer (Burger [S.a.]:15).

Wat New Age metodes betref is Cumbey (1986:126) van opinie dat:

People are encouraged to study one of dozens of 'psychotechnologies' – visualization, autosuggestion, hypnotherapy, guided imagery – techniques almost guaranteed to bring one in contact with 'spirit guides' - i.e. demons.

Met visualisering word mense geleer dat hulle hul eie werklikheid kan skep d.m.v. hulle eie denke en dat hul wanneer hulle positiewe dinge bedink hul wêreld 'n mooier, beter plek maak (Burger [S.a.]:14). n New Ager, Adelaide Bry, beskryf sjamanistiese visualisering as:

[t]he deliberate use of power of your mind to create its own reality (Hunt & McMahon 1987:138).

Uit een van die nuutste publikasies van New Age '*The Gaia Peace Atlas*' blyk dit dat die New Age sterk konsentreer op die belangrikste behoeftes van die moderne mens nl. vrede, veiligheid en liefde. Ontwapening van die wêreld, waaraan talle wêreldleiers, organisasies en regerings entoesiasies deelneem, moet plaasvind om 'n wêreldkultuur van eenheid, gelykheid en enersheid te skep:

Such a culture is most likely to be built on the foundations of our present non-violent cultural activities. Literature, science, music, art and the media – all serve to reduce tensions between nations and spread common understanding. Already English is being adopted as a global lingua franca ... (Rautenbach [S.a.]: 5.)

Die uiteindelik logiese stap van die mens se bevryding is om te glo dat hy sy eie god is (kyk afdeling 5.2.1.2). Malan (1983:16) sien die vergoddeliking van die mens as volg:

Die ontwikkeling van die mens se onontginde geestesvermoëns, die bevordering van blydschap, voorspoed en selfverwesenliking, ontsluiting van die verborge krag en heerlikheid van die innerlike mens, astrale reise, heldersienheid, metafisika en ander esoteriese wetenskappe, homeopatie, astrologie, tarot-kaartles,⁴⁸ joga, ontspanning en meditasie, Tibetaanse ontspanning en meditasie, Boeddhistiese meditasie, Burmese Zen-meditasie, asook holistiese gesondheid en verskeie ander genesingspraktyke.

Holistiese medisyne wen ook geweldig veld in Suid-Afrika. Holistiese medisyne is esoteries van aard en omsluit allerlei mistiese genesingswyses, soos akupuntuur en irisskopie. Die verskillende genesingswyses se gemene saak is om eenheid met die natuur en harmonie met die kosmos te bewerkstellig. Nie net die liggaam moet herstel nie, maar ook die gees moet verander of getransformeer word (kyk afdeling 5.3). Siekte word gesien as 'n versteuring van die harmonie tussen liggaam, siel en gees. 'n Mens moet jou 'selfgenesende' vermoëns aanwend om die harmonie weer te herstel. Die oordrag van magnetiese kragte, deur die lewenskrag of –energie van een mens na 'n ander, speel 'n belangrike rol in holistiese medisyne. Mense met okkultiese gawes, soos heldersienheid, is dikwels betrokke (Burger [S.a.]:16).

5.7 NEW AGE EN OPVOEDING

In die New Age denke word opvoeding en onderwys as uiters belangrike instrumente vir die totstandbring van 'n nuwe mens – 'n mens wie se hele bewussyn volledig ontplooi is. Opvoeding en onderwys veronderstel dus hulp wat aan kinders gegee word om deur die proses van evolusie 'n transformasie van die ou mens na die nuwe mens te ondergaan (Dreckmeyr 1991:7).

Die 'ou-mens' is die mens wat behoort tot die Visse-tydperk (kyk afdeling 5.3). Hy dink in terme van absolutes en teenstellings wat lei tot verdeeldheid en konfrontasie omdat nie alle mense dieselfde waardes en norme aanvaar nie. Die nuwe mens behoort tot die Aquarius-tydperk. Hy dink in terme van relasies en sinteses en is in staat om om al sy bewussynsniveaus te gebruik om voluit te funksioneer (Matzken 1991:130–131).

Die fokuspunt in opvoeding en onderwys is dus die proses van transformasie. Deur 'n kosmiese evolusie moet elke mens die proses van transformasie ondergaan. As die proses nie in hierdie lewe voltooi word nie, word dit voortgesit in 'n volgende reïnkarnasie (kyk afdeling 5.2.1.4).

Carl Rodgers (Dreckmeyr 1991:8–9), noem die volgende kenmerke van die nuwe mens wat ook kan dien as doelstellings met die opvoeding en onderwys:

- Openheid, sonder beperkinge vir alles wat innerlik en uiterlik nuut of ongewoon is.
- Outensiteit: afsien van alle vorm van huigelary wat die bestaande waardes nog as 'n 'vlag' wil handhaaf.
- Skeptisisme teenoor wetenskap en tegniek.
- Verlange na die heelheid en integrasie (holisme) van alles wat voorheen as afsonderlik beskou en gedoen is.
- 'Nabyheid' van mense en gebruikmaking van alle vorme van kommunikasie, veral nie-verbale kommunikasie.
- 'n Proses-bewussyn wat bereid is om te verander en verander te word telkens wanneer dit nodig is.
- Betrokkenheid in die sin van nie-veroordelende empatie.

⁴⁸'n Pak van 78 speelkaarte wat ook deur fortuinvertellers gebruik word; afkomstig uit Italië gedurende die 14 de eeu (Buitendag & Van der Merwe 1991:77).

- Mistieke verbondenheid met die natuur en die aanvaarding daarvan wat manifesteer in 'n eenvoudige lewensstyl.
- Afwysing van burokratiese instellings en die navolging van reels.
- Gerigtheid op die innerlike outoriteit van die individu en 'n afkeer van uiterlike outoriteit.
- Verwyderdheid van materiële sake, geld, beloning en statussimbole.

Die doel van die onderwys en opvoeding is dus om die kind te transformeer tot hierdie 'nuwe' mens. Die metodes wat die New Age gebruik om skoliere en studente ryp te maak vir die holistiese eenheidswêreld waarin nie God nie, maar die mensheid en *Gaia* die gesagvoerder is, wissel van suggestiepedagogiek, sensitiwiteitsopleiding, manipulasie, transendentale meditasie en 'values clarification'⁴⁹ (Alkama [S.a.]:25).

Volgens die New Age denkers beskik elke leerling alreeds oor die bron van alle kennis en wyheid. Dit is voorts die plig van die onderwyser om hul te lei tot die ontdekking daarvan. Hierdie leiding moet onder andere geskied deur meditasie. Meditasie moet nie net gesien word as 'n metode om kennis te verwerf nie. Volgens Miller (1989:96–97) is meditasie ook:

... the increased capacity to contact and learn from the source of wisdom, love and intelligence within us – often called the 'higher self', God, universal wisdom or spirit, conscience. This is done through the symbol of light such as the sun, the sky, mountain tops, wise persons, golden liquid energy, and the colors white, gold, purple, and violet. Teachers who are deeply spiritual and who feel comfortable working with their own spiritual development may choose to offer spiritually-oriented meditations to their students. This is done when there is an explicit sense of appropriateness established between the teacher and the students, parents, school personnel and community.

Dit gaan egter nie net in die opvoeding en onderwys om bogenoemde tegnieke nie, maar ook om die onderwysbenadering van 'multicultural education' wat alle probleme sal oplos (Alkama [S.a.]:25). Volgens hierdie benadering word kinders van verskillende geloofsoortuigings, kulture en etniese groepe in dieselfde skool en klaskamer geplaas, sodat geloofsnivellering, identiteitsnivellering en etniese gelykskaking kan plaasvind ten einde die Nuwe Wêreldorde te aanvaar.

In die oë van die New Agers is leer belangriker as onderrig. Die nuwe paradigma, sê Ferguson (1981:288)

⁴⁹ Die Christelike waardes en norme word ondergrawe en liberale, humanistiese, New Age-waardes (holistiese waardes) word aan die kind geleer om sodoende die kind te manipuleer om die Nuwe Wêreldorde te aanvaar (Alkama [S.a.]:27).

... looks to the nature of learning rather than methods of instruction ... Learning after all, is not schools, teachers, literacy, math, grades, achievement. It is the process by which we have moved every step of the way since we first breathed; the transformation that occurs in the brain whenever new information is integrated, whenever a new skill is mastered. Learning is kindled in the mind of the individual. Anything else is mere schooling.

Ten einde die leerproses te begryp, is dit volgens New Age denkers nodig om kennis te neem van die nuutste 'ontdekkings' oor die funksionering van die mens se brein. Die ontdekkings oor die spesialisering van die linker- en regter breinhelftes gee volgens Ferguson (1981:296) aan ons 'n nuwe metafoor vir leer.

Die linkerlob van die brein beheer die rasonele, lineêre denkwys terwyl die regterlob meer vir intui tiewe, globale denke verantwoordelik is. Volgens die New Agers het die Westerse tradisie van die afgelope paar eeue voorrang gegee aan die linkerbreinlob, d.w.s. die 'manlike' lob wat berekend, kompetierend en aggressief funksioneer. Met die ommekeer na die eeu van *Aquarius* sal die regterbreinlob wat verantwoordelik is vir die vroulike funksie van vreedsame, koöperatiewe en intui tiewe denke na vore kom (Van der Walt et al. 1990:55–56).

Die regterbrein is verantwoordelik vir gestaltevorming. Sonder die aandeel van die fantasie, drome, intui sies en holistiese prosesse van die regter breinhelfte bly die linker breinhelfte steriel:

This fragmentation costs us our health and our capacity for intimacy as well as our ability to learn, create, innovate (Ferguson 1981:79).

Volgens die New Age denkers, soos Ferguson is die tradisionele onderwysstelsel 'breinvyandig' aangesien kinders gedwing word om slegs te leer dink op 'n lineêre, logiese stap vir stap wys wat slegs die linkerbrein betrek. Volgens hulle word die regterbrein nie ontwikkel nie en word kinders derhalwe afgesluit van kreatiewe en intui tiewe denke. Volgens Dreckmeyer (1991:10) ondersteun die Westerse kultuur die linkerbrein en word die regterbrein onderdruk (Dreckmeyr 1991:10).

Die holistiese onderwys van die New Age is gerig op die funksionering en ontwikkeling van beide breinhelftes. Ferguson (1991:288–291) beweer dat die ou paradigma van die onderwys wat gerig was op die bereiking van norme, gehoorsaamheid en korrekte antwoorde vervang moet word deur die nuwe paradigma van leer wat gerig is op die bevordering van motivering, lewenslange leer, selfdissipline, nuuskierigheid en kreatiwiteit.

5.7.1 NEW AGE EN DIE SKOOL

Kenmerkend van die New Age onderwys is die transpersonale karakter daarvan. Dit is gerig op die transendentale vermoëns van die mens. Die leerlinge word aangespoor om krities teenoor alles ingestel te wees en outonoom te wees. Hy moet leer om die dieptes van sy eie wese te ontdek en hom daardeur volkome te laat lei (Dreckmeyr 1991:15):

Transpersonal education is the process of exposing people to the mysterious in themselves – and then getting out of the way so you don't get run over (Ferguson 1981:287–288).

Die holistiese, transpersonale onderwys kan enige plek plaasvind:

It doesn't need schools, but its adherents believe that the school needs it. Because of its power for social healing and awakening, they conspire to bring the philosophy into the classroom, in every grade, in colleges and universities, for job training and adult education. (Ferguson 1981:288.)

Die nuwe skool word gesien as 'n gemeenskap eerder as 'n instelling. Onderwysers, ouers en leerlinge besluit saam oor belangrike aspekte soos beleid, kurrikula en aanstelling van personeellede. Verder is die onderwyser ook geen gesagsdraer nie, omdat hy self 'n leerder is wat getransformeer moet word (Dreckmeyr 1991:16):

As teachers allow their deepest feelings and motivations to emerge, as they go inward and seek self-awareness and to free themselves emotionally, they are beginning to move outward to change the social structure (Ferguson 1981: 292–293).

Die doel van die onderwys is selfaktualisering. Die onderwyser moet die leerlinge die vryheid laat om homself te ontdek en sy eie werklikheid te skep. Leerlinge moet aangemoedig word om innerlike 'gesag' te gehoorsaam en is welkom om te verskil van die onderwyser. Die onderwyser se taak is om die leerling te help om patrone en verbande te ontdek en om 'n openheid vir nuwe, vreemde moontlikhede te ontwikkel. Hy moet weet wanneer om die leerling te laat worstel en wanneer om hom los te laat op sy weg van transformasie (Dreckmeyr 1991:16).

Die nuwe kurrikulum word beskryf as 'a rich and subtle tapestry' (Dreckmeyr 1991:16), wat alleen beperk word deur burokrasie, finansies en beperkinge van die onderwyser. Geen vak of onderwerp word as te moeilik geag nie. Die gemeenskap word as die skoolkampus beskou en ouers kan gebruik word vir die onderrig van vakke of onderwerpe waarin hulle spesialiste is. Leerlinge kan mekaar ook onderling onderrig (Dreckmeyer 1991:16).

Akademiese vakke word met 'regterbreinaktiwiteit' geïntegreer. Bewussynverruiming word nagestreef deur tegnieke soos liggaamsoefeninge, meditasie, ontspanningstegnieke en fantasië waardeur intuïtiewe denke gestimuleer word. Leerlinge word aangemoedig om hulleself in te stel om die gevoel van selfontdekking te ervaar. Tegnieke wat gebruik kan word om liggaamlike bewuswording te stimuleer sluit asemhalings- en ontspanningsoefeninge, yoga, danse en musiek in (Rhodes 1995:22).

Volgens Rhodes (1995:22) maak sommige Amerikaanse skole van meditasie as onderrigmetode gebruik. Deborah Rozman (1975:42) beskryf dit as volg:

Meditate and go into the Source within, and in that One Source feel that you are one with everyone else's Light, Intelligence, Love, and Power ... Chant

'Om' softly to fill the whole circle and the whole room with your experience of the Source within.

Die doel van die kurrikulum moet meehelp om die kind te bring tot outonomie. Die kind moet bevry word van alle eksterne invloede soos die oortuigings, voorkeure, gewoontes en gebruike van die onderwyser en gemeenskap. Dit beteken dat die kind by tye self onderrig moet word om gesonde, toepaslike rebellie toe te pas want

... there are no absolute truths; values are to be subjectively determined ... If parents object to their children using pot or engaging in pre-marital sex, the theory behind Values Clarification makes it appropriate for the child to respond, but that's just YOUR value judgment. Don't force it on me. (Baer 1982:16.)

Die kurrikulum plaas klem op individuele outonomie – die kind moet leer om sy eie waardesistiem op te bou. Waardes en norme moet self ontdek word al sou dit hemelbreed verskil van dié van hul ouers en religieus gebaseerde voorskrifte. Dit kan daartoe lei dat kinders soms in opstand teenoor hul ouers kom, want:

... maturity brings with it a morality that derives from the innermost self, not from mere obedience to culture's mores (Ferguson 1981:316).

Ferguson (1981:316) verduidelik die totale onafhanklikheid van die kind as volg:

This is based on the belief that if our children are to be free, they must be free even from us, from our limiting beliefs and our acquired tastes and habits. At times this means teaching for healthy appropriate rebellion, not conformity.

Globalistiese verknogtheid kom baie sterk op die voorgrond in die New Age kurrikula. Leerlinge moet geleer word dat daar geen grense tussen rasse, kulture, godsdienste en politieke ideologieë is nie. Hul moet geleer word om eenheid na te streef en brûe van eenheid en versoening te bou (Du Toit 1996:9). Alle volke en gemeenskappe moet saamgesnoer word in 'n wêreldwye gemeenskap. Landsgrense moet verval en internasionale liggaame soos die VVO moet ondersteun word. Die wêreld moet 'n 'global village' word met een ekonomie wat volgens die ekonomiese beginsel van 'global sharing' funksioneer (Buitendag & Van der Merwe 1991:67).

Uit bogenoemde blyk dit dat die wêreld op elke terrein getransformeer moet word en dit bring die nuwe onderwysstelsel in Suid-Afrika, naamlik K2005 te sprake wat, soos die New Age, monisties en holisties is.

5.8 KURRIKULUM 2005, UGO EN DIE NEW AGE

Die wêreld waarin hedendaagse opvoedkundige inrigtings regoor die wêreld bestaan is gedurig in 'n proses van vernuwing en verandering ten opsigte van verhoudings tussen belanghebbendes en die gemeenskap, die karakter en kultuur van opvoeding en samelewingsorganisasies, wyses van hoe werk

gedoen moet word, identifisering van prioriteite, die manier hoe tyd spandeer moet word, asook hoe geleef moet word.

In so 'n veranderde wêreld is die dilemma vir onderwysleiers om stabiliteit in skole en organisasies te handhaaf, terwyl kreatiewe oplossings vir onderwys, politieke en ekonomiese eise voorsien moet word om innovering te stimuleer. Daar moet tred gehou word met veranderinge in die tegnologie, werkmetodes, rolverdeling en leierskap, asook die kultuur van die opvoedingstelsel self.

In ons land staan ons tans voor die grootste verandering (vernuwing) van die onderwys die afgelope eeu. In die media, gesprekke en toesprake word melding gemaak van die nuwe UITKOMSGEBASEERDE ONDERWYS (UGO) en KURRIKULUM 2005⁵⁰ onderwysbenadering.

Daar word selfs beweer dat die onderwys in 'n krisis verkeer soos nooit vantevore nie. Ouers en onderwysers word verplig om kennis te neem van UGO. Verskillende sienings oor die voor- en nadele van hierdie stelsel word gehuldig. Opvoeders behoort behoorlik ingelig te wees waar UGO vandaan kom, aangesien die nuwe stelsel verreikende gevolge inhou en daarom is dit noodsaaklik.

5.8.1 GESKIEDENIS VAN UGO

Vir geen oomblik moet van die standpunt uitgegaan word dat uitkomsgebaseerde onderwys goedsmoeds uit die lug geval het nie. Die teenoorgestelde is eerder waar: Hierdie nuwe onderwysbenadering is haarfyn beplan en aan die hand van spesifieke doelstellings geformuleer.

Gedurende die twintigste eeu het 'n gees van transformasie, vernuwing, verandering en selfs revolusie toenemend voorgekom. Hierdie vernuwings-, transformasie- of veranderingsgees is gebore uit die opvattinge van geleerdes wat beweer het dat die sogenaamde tradisionele inhoudsgebaseerde onderwys lei tot frustrasie, minderwaardigheid, neurose, 'n onvermoë om duidelik te redeneer en krities te dink, asook 'n onvermoë om 'n aangename wêreld te skep waarin die mens vry kan lewe en volkome homself kan wees (Pienaar 1997b:4).

Juis die opvoeding en onderwys was, volgens verligte denkers, bedoel om die mens te bevry van die knellende bande wat hom gebind het. Volgens hierdie denkers moet die kind gehelp word om bevry te word van die tradisies van sy ouers en die groot skuldgevoel wat op die kind geplaas word as gevolg van die erkenning van die bestaan van goed en kwaad, gesag, Christelike waardes en norme wat altyd

⁵⁰ Voortaan K2005.

gehoorsaam moet word. Die onderwys moes die kind bevry van al hierdie knellende hindernisse, bande en frustrasies (Pienaar 1997b:4).

Een van die groot wegbereiders vir hierdie nuwe beskouings was 'n oortuigde materialis, Wilhelm Wundt (1832–1920). Omdat die siel of psige nie getoets en gemeet kan word nie, bestaan dit volgens hom nie. Hy het ook die denke van Freud, wat rondom die vorige eeuwending beweer het dat die mens niks meer as die produk van sy omgewing is nie, bei nvloed. Verdere volgelinge van Wundt was Edward Thorndike (1874–1949) en John Dewey (1859–1952), die uitgesproke pragmatist, wat beweer het dat alles wat werk, alles wat funksioneel is, waar is. Proewe van diere is op mense toegepas en die mens is maar net as nog 'n dier bestempel. In 1903 is die wetenskapsdissipline, bekend as die Opvoedkundige Sielkunde, geproklameer wat saam met die psigiatrie 'n geweldige invloed op die Amerikaanse onderwysstelsel uitgeoefen het (Pienaar 1997b:4).

Reeds in 1925 was daar meer as 'n 1000 skole in die VSA wat met nuwe, hersiene kurrikula en metodes besig was. Een van Dewey se volgelinge, Harold Rugg, het toe al beweer dat die skole van die wêreld 'n nuwe kollektiewe gees, wat die mens sal beheer en beheers vaardig sal maak (Pienaar 1997b:4).

In 1948 het 'n groep gedragswetenskaplikes ooreengekom om uitkomstes of doelwitte vir die onderwys te formuleer. Daar is in die VSA verder wegbeweeg van 'n inhoudsgebaseerde onderwysbenadering ten gunste van die uitkomsgebaseerde onderwysbenadering. Daar word algemeen erken dat daar twee fases onderskei kan word in die Amerikaanse onderwysbedeling, naamlik 'n eerste fase wat kort na die vorige eeuwenteling begin het en gekenmerk is deur sosialistiese-georiënteerde kurrikula. Hierdie fase staan ook bekend as die humanistiese transformasiebeweging (Pienaar 1997b:4). Die tweede fase staan bekend as die psigologies-psigiatrisiese beweging wat vroeg in die sestigjare begin het. Hierdie twee fases het die onderwys in die VSA op onomkeerbare nuwe bane gestuur. Dit het egter nie net tot die VSA beperk gebly nie, maar spoedig na Engeland, Swede, en Australië uitgebrei.

In Suid-Afrika het die idee van 'multicultural education' saam met 'peoples education', die pilare van volksgebonde, kultuureie en identiteitsbevestigende onderwys ondergrawe en reeds al in die rigting van geïntegreerde onderwys beweeg.

In Februarie 1997 het Bengu, die destydse Minister van Onderwys die implementering van die K2005-projek aangekondig as die nuwe kurrikulum van die 21 ste eeu, gebaseer op die ideal van lewenslange leer wat 'n verskuiwing van 'n inhoudsgebaseerde na 'n uitkomsgebaseerde benadering behels. (DVO 1997:1). Verder word die verandering ook beskryf as 'n verandering van 'n tradisionele doelstelling-doelwitbenadering na 'n uitkomsgebaseerde benadering. Uitkomsgebaseerde leer fokus op die bemeestering van duidelike gedefinieerde uitkomste as leerresultate en die doel is om met die nuwe kurrikulum alle leerders die geleentheid te bied om die kennis, vaardighede en houdings te bemeester wat sukses na skool moet verseker. Die visie vir leerders wat in die nuwe kurrikulum ingebou is, is om denkende, bekwame burgers te vorm (DVO 1996:3).

Aan die einde van Mei 2000 het die Chisholm-Hersieningskomitee aanbeveel dat die benaming K2005 vervang word deur die benaming Kurrikulum 21 (Chisholm 2000:1; Asmal 2000:2). Hierdie aanbeveling van die hersieningskomitee is egter twee maande later verwerp, eers deur die kabinet en toe deur die Komitee van (provinsiale) Onderwysministers (CEM 2000:1).

Vir Berkhout en Hodgkinson (1998:287) is K2005 'n komplekse en verreikende inisiatief wat ten doel het om die totale Suid-Afrikaanse onderwys- en opleidingstelsel fundamenteel volgens die bepalings van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) te hervorm. Onderliggend aan die NKR en gevolglik ook aan K2005, lê 'n uitkomsgebaseerde onderwysbenadering (UGO) wat volgens Kearney (1994:1), 'n paradigmaskuif inhou vir almal wat by onderwys betrokke is. 'n Deeglike bestudering van hierdie benadering, wat vir die meeste Suid-Afrikaanse onderwysers nuut is, is noodsaaklik omdat gebrekkige kennis en begrip daarvan tot nadeel van die suksesvolle implementering en toepassing van K2005 en die voornemens daarin vervat, kan lei.

Samevattend kan gesê word dat die huidige uitkomsgebaseerde onderwys-benadering teruggevoer kan word na die humanistiese en psigologies-psigiatrisie wortels wat dit gevoed het. Verder moet ook nie uit die oog verloor word nie dat die transformasiegees en transformasiedrif 'n al hoe sterker stimulus geword het. Deur vervolgens na die doelstellings en wat UGO werklik behels te kyk, kan moontlik nog groter helderheid oor dié nuwe verskynsel in die onderwys verkry word.

5.8.2 WAT IS UGO?

Die algemene naam wat aan die nuwe onderwysbenadering gegee is, is OUTCOMES BASED EDUCATION wat in Afrikaans vertaal word as UITKOMSGEBASEERDE, UITKOMSGERIGTE en selfs soms as UITKOMSGEFORSEERDE ONDERWYS (UGO). Soos die naam aandui, word die uitkomste (kyk afdeling 5.9.1) van die onderwys as vertrekpunt geneem. Die skool se programme moet voortaan vanuit duidelike, voorafbeplande en voorafbepaalde uitkomste beplan en beskryf word. Hierdie uitkomstes word in die eerste plek nie soseer bepaal aan die hand van die leerinhoud (soos waaraan ons in die verlede gewoon was) nie, maar aan die hand van gedrag wat by kinders beoog word. Sekere vaardighede moet bemeester word; duidelike gesindhede moet by kinders gekweek word (soos onder andere verdraagsaamheid teenoor alle gelowe, rasse, ideologieë ens.); die lus en die moed om grense te oorskry en uit te wis, soos onder andere die grense tussen verskillende gelowe, rasse, waardes en norme. Sekere vermoëns moet deur die kinders gedemonstreer kan word soos groepwerk, rollespel en selfverwesenlikingsprogramme.

Die UGO- benadering werk dus van agteraf vorentoe. Die leerplanne⁵¹ word dus in die lig van die uitkomstes bepaal en gekeur en daar word dikwels gepraat van 'design down from where you want to end up' (Pienaar 1997a:8).

Die UGO funksioneer voorts binne die NKR waarvolgens 'n leerder sy hele lewe lank en uit alle lewensfere (byvoorbeeld werk) krediete kan versamel om in die onderwysstelsel te vorder. Laasgenoemde staan bekend as 'lifelong learning'.

Die UGO is 'n nuwe onderwysstelsel wat in die lewe geroep is om die samelewing soos ons dit ken, te herstruktureer. Die transformasie van die samelewing lê egter daarin dat 'n totaal nuwe orde, die sogenaamde Nuwe Wêreldorde, geskep word (Pienaar 1997a:8). Een van James Backer se boeke dra die veelbesproke titel: *Schooling for a Global Age*. Die volgende terme is in dié verband ook veelseggend, naamlik: 'worldmindness', 'group mind', 'new global ethic'. Die kind moet deur die groepsbewussyn daartoe gebring word om 'n wêreldbewussyn te ontwikkel.

UGO is baie sterk geskoei op die lees van verandering. Dit kan volgens Pienaar (1997a:8) lei tot radikale en revolusionêre verandering van die kind se gesagstruktuur, sy waarde- en normstelsel, sy geloofswêreld en selfs sy identiteit.

Verder beywer UGO hom tot die daarstelling van 'n oop en demokratiese samelewing, wat onderlê word deur 'n handves van menseregte (kinderregte, vroueregte). Die basiese regte van die kind is onder andere om hom of haar te assosieer met iemand van sy of haar eie keuse, die reg op vrye spraak en beweging, die reg op menswaardige handeling en om self sy of haar godsdiensbeskouing te kies.

5.8.3 WAT IS 'N UITKOMS?

Vir die Departement van Onderwys (1997c:10–12) verwys die begrip 'uitkoms' na 'n spesifikasie van wat 'n leerder moet kan doen aan die einde van 'n leerervaring en behels die nodige vaardighede, kennis en waardes wat noodsaaklik is om 'n uitkoms of lys uitkomstes te demonstree. Kritiese uitkomstes verwys na die breë generiese kruis-kurrikulêre uitkomstes wat deur die Grondwet ondersteun word en is deur die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie Owerheid (SAKO) aanvaar. Leer-uitkomstes, wat as 'National Curriculum

⁵¹ Die kurrikulum moet volgens die departement buigbaar wees deurdat elke omgewing se inwoners self die streek se kurrikulum moet bepaal, d.w.s. kurrikulum verskil van plek tot plek (DoE 1997:11).

Statements' beskou word, beskryf wat leerders binne die agt leerareas⁵² moet kan doen en waaraan gedurende elke onderwysfase aandag geskenk moet word.

Die SAKO het in 1996 SEWE kritiese uitkomstes en ook VYF ontwikkelingsuitkomstes geïdentifiseer (kyk tabel) wat as onderliggende basis vir alle onderwys en opleiding moes dien. Die kritiese uitkomstes verwys na die breë, generiese kruis-kurrikulêre uitkomstes wat leerlinge moet verwerf om hul in staat te stel om tot hulle eie sukses, maar ook die sukses van hulle gesinne, gemeenskappe en uiteindelik tot die land as geheel, te kan bydra (Janse van Rensburg 1998:29).

Ten einde die ontwikkeling van die totale persoonlikheid van elke leerder te verseker en om 'n bydrae tot die sosiale en ekonomiese infrastruktuur van die land te lewer, moet die vyf belangrike ontwikkelingsuitkomstes (kyk tabel) ook by die ontwerp van leerprogramme in berekening gebring word.

Die kritiese en ontwikkelingsuitkomstes vorm die algemene beginsels wat alle onderrigopleiding- en onderwyspraktyke (van Graad 1 tot D.Phil) moet ondersteun. Kurrikulumontwerp begin in ooreenstemming met hierdie kritiese uitkomstes. Alle stappe binne die kurrikulum ontwikkelingsproses moet ook hiermee rekening hou. Weens die generiese aard van hierdie uitkomstes word dit nie in meer gedetailleerde omskrywings vir enige van die vlakke binne die NKR-bande opgebreek nie.

KRITIEKE UITKOMSTE

- 1 Identifiseer en los probleme op wat verantwoordelike besluitneming en kreatiewe denke vereis.
- 2 Werk doeltreffend saam met ander in 'n span.
- 3 Organiseer en bestuur self eie aktiwiteite doeltreffend.
- 4 Versamel, ontleed, organiseer en evalueer inligting krities.
- 5 Kommunikeer doeltreffend in die gesprekke en/of geskrewe vorm d.m.v. visuele, wiskundige en/of taalvaardighede.
- 6 Gebruik wetenskap en tegnologie doeltreffend, krities en met verantwoordelikheid teenoor ander in die omgewing.
- 7 Demonstreer begrip vir die wêreld as 'n stel verwante stelsels en besef dat probleemoplossing nie in isolasie geskied nie.

ONTWIKKELINGSUITKOMSTES

- 1 'n Verskeidenheid doeltreffende leerstrategieë.
- 2 Op 'n verantwoordelike wyse deelneem aan plaaslike, nasionale en internasionale gemeenskaps-

⁵² Die verskillende leerareas is: Taalgeleetherheid en Kommunikasie (TGK); Wiskunde, Wiskundige Wetenskappe en Wiskundige Geletterheid (WGWWW); Menslike Sosiale Wetenskappe (MSW); Natuurwetenskappe (NS); Kuns en Kultuur (K&K); Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (EBW); Lewensoriëntering (LO) en Tegnologie (Teg).

	lewe
3	Kulturele en estetiese sensitiwiteit oor die grense van sosiale kontekste.
4	Onderwys en loopbaanmoontlikhede.
5	Bevorder en ontwikkel entrepreneursgeleenthede (UGO 2001:12).

TABEL 5.8.3.1

'n Belangrike vraag bly egter: Wat is die verskil tussen 'n uitkoms en 'n doelstelling of doelwit? Vir Rjun (UGO 2001:19) is die groot ooreenkoms tussen 'n doelstelling of doelwit en 'n uitkoms daarin geleë dat beide begrippe verwys na dit wat die leerder moet kan doen na afloop van 'n bepaalde onderrig- en leerervaring. Killen (1997:26) kom tot die volgende gevolgtrekking:

Outcomes, therefore, occupy an intermediate position between shortterm behavioural objectives and long-term aims.

Samevattend: Op die langtermyn word na 'n doelstelling (goal or aim) verwys; op die kort termyn na 'n doelwit (objective, bv. van 'n spesifieke les); en 'n leeruitkoms verwys na 'n medium-termyn doelstelling (bv. aan die einde van 'n onderwysfase of –band). Of daar werklik 'n wesenlike verskil tussen 'n leerdoelstelling of –doelwit en 'n leeruitkoms en daarom ook tussen 'n doelstelling-gebaseerde en 'n uitkomsgebaseerde kurrikulum bestaan, vorm soms die basis vir 'n hewige debatvoering.

5.8.4 WAT IS 'N UITKOMSGEBASEERDE ONDERWYSBENADERING?

5.8.4.1 PARADIGMA

Om 'n spesifieke siening oor leer te handhaaf en konsekwent daarvolgens te handel. Die siening: WAT en OF leerders leer is belangriker as WANNEER en HOE hulle leer (UGO 2001:20)

5.8.4.2 DOELSTELLINGS

- Om te verseker dat alle leerders met die nodige kennis, vaardighede en kwaliteite toegerus is om suksesvol te kan wees as hulle skool verlaat (UGO 2001:20)

- Om skole so te struktureer en te bestuur dat die gestelde doelwitte bereik en ge-optimaliseer word (UGO 2001:20).

5.8.4.3 AANNAMES OF VERONDERSTELLINGS

- Alle leerders kan leer en sukses ervaar, nie almal op dieselfde dag en op dieselfde manier nie.
- Skole beheer die toestande wat suksesvolle leer direk beïnvloed (UGO 2001:21)

5.8.4.4 BEGINSELS

In die beginsels word duidelik gefokus op Uiteindelijke Uitkomst:

- Duidelikheid oor wat die leerder moet kan demonstreer.
- Leerdersukses belangrik by beplanning en assessering.
- 'n Duidelike beeld van leeruitkoms.
- Leeruitkomst word deur die onderwyser verduidelik sodat leer nie 'n verrassing is nie.
- Uitgebreide leergeleenthede en ondersteuning vir sukses.
- Verwagtings dat almal volgens vermoë vorder.
- Ontwerp terug van kritiese na die leeruitkomst na die aktiwiteit ens. (UGO 2001:21).

5.8.4.5 GELEENTHEDE

Die belangrikste dimensies van 'n geleentheid is:

- Tyd
 - Onderrigtyd: duur van leergeleentheid.
 - Leertyd: frekwensie van leergeleenthede.
 - Betroubaarheid: tydsberekening van leergeleenthede (UGO 2001:21).
- Metodes en modaliteite
 - 1 taalkundig,
 - 2 logies wiskundig,
 - 3 ruimtelik,
 - 4 musikaal,
 - 5 liggaamlik kinesteties,
 - 6 interpersoonlik,
 - 7 intrapersoonlik (UGO 2001:21).

- Operasionele beginsels
Konsekwente toepassing van eerste drie (paradigma, doelstellings en aannames) (UGO 2001:21).
- Taak of prestasiestandaarde
Alle leerders moet sukses behaal (UGO 2001:21).

'n Uitkomsgebaseerde onderwysbenadering kan omskryf word as 'n benadering waarin alle onderrig- en leeraktiwiteite georganiseer en gerig word op grond van die leerresultaat wat aan die einde verlang word. Vir die Departement van Onderwys (1997b:5) is uitkomsgebaseerde onderwys 'n leerder-gesentreerde, resultaatgeoriënteerde ontwerp wat gebaseer is op die aanname dat alle individue kan leer. Die strategie van UGO impliseer die volgende:

- Wat leerders moet leer, word duidelik geïdentifiseer.
- Elke leerder se vordering is gebaseer op prestasie wat gedemonstreer word.
- Elke leerder se besondere behoeftes word deur 'n verskeidenheid onderrig- en leerstrategieë geakkommodeer.
- Aan elke leerder word die tyd en ondersteuning gebied om sy of haar potensiaal te verwerklik (UGO 2001:22).

Die UGO-benadering word verder veral beskryf deur oorfloedige aansprake op groter leerder-gesentreerdheid, konstruktivistiese leer, aktiewe leerder-betrokkenheid en 'n beklemtoning van koöperatiewe onderrig en leer (groepwerk) (UGO 2001:22).

5.8.5 METODE VAN KURRIKULUM 2005

Taylor (1999:108) onderskei tussen 'n prestasie- en 'n bevoegdheidsbenadering tot die kurrikulum. Binne die prestasiebenadering word daar gefokus op spesifieke leerinhoud en die onderwyser vervul 'n meer openlike en aktiewe rol. Binne die bevoegdheidsbenadering word daar gefokus op die eindresultaat, met ander woorde op die leeruitkomst wat die leerder moet bemeester aan die einde van 'n leerervaring en na die bevoegdheidde waarvoor hy beskik. Die leerder tree aktief, kreatief en selfregulerend op terwyl die onderwyser 'n minder aktiewe en meer koverte (ondergrondse of verskuilde) fasiliteringsrol vervul (UGO 2001:22).

Nie net die inhoud verander nie, maar ook die metodes. Van individuele leer is daar nie meer sprake nie, want alles moet deur groepwerk gedoen word. Individuele onderrig- en leerbeplanning binne 'n bepaalde vak deur die betrokke onderwyser(s) word vervang met 'n spanbenadering waardeur onderwysers vanuit al agt leerareaprogramme (leerareas) deur middel van leeruitkomst en assesseringstandaarde binne 'n bepaalde tema hulle leeraktiwiteite koördineer (UGO 2001:44). Onder leer word nie meer soseer die verwerwing van kennis verstaan nie, maar terapie (Pienaar 1997c:4).

Deur middel van veral temas moet relevante en betekenisvolle leer binne 'n werklike lewenskonteks bevorder word – dit wat geleer word, moet nuttig en prakties wees vir die situasie (werklike lewe daarbuite) waarbinne die leerders hulle bevind en eendag sal moet funksioneer (UGO 2001:44).

Nuwe kennis, vaardighede en gesindhede moet aansluiting vind by bestaande kennis en vorige ervaring van die leerders wat ook in situasies buite die skool opgedoen is. Leerders moet in staat wees om probleemoplossings- en ander vaardighede by verskillende omstandighede aan te pas. Verder moet leerinhoud minder abstrak en meer prakties en relevant word deur veral te fokus op die gebruik van die leerinhoud in 'n spesifieke samelewing.

Deur middel van die integrering van leeruitkomst en assesseringstandaarde asook deur middel van 'n bepaalde leeraktiwiteit in 'n bepaalde konteks, moet skakeling tussen leerareas en temas binne dieselfde leerarea bewerkstellig word (UGO 2001:44).

5.8.6 ASSESSERING BINNE KURRIKULM 2005

Die EAB/GDO (2000:2) omskryf UGO-assessering as 'n proses waardeur geldige en betroubare inligting oor die prestasie van die leerder op 'n deurlopende basis ingesamel word. Prestasie word aan duidelik gedefinieerde kriteria gemeet. Verskeie metodes, instrumente, tegnieke en kontekste word gebruik om die ingesamelde inligting op rekord te plaas. Verslag oor die prestasie moet op 'n positiewe, ondersteunende en motiverende wyse gedoen word met die oog op terugvoer aan leerders, ander opvoeders en ouers.

Volgens Bertrams (UGO 2001:46) toets assessering kennis, vaardighede en houdings en help dit leerders om sukses te behaal. Uitkomsgebaseerde assessering lê meer klem op assessering deur praktiese take, onderhoude, self-assessering en minder klem word op skriftelike toetse en eksamens geplaas. Bertrams (UGO 2001:46) vat dit soos volg saam:

Uitkomsgebaseerde assessering	Vorige assessering
Fokus meestal op wat leerders ken en kan doen	Fokus op wat leerlinge weet
Is met die leer geïntegreerd	Staan los van geïntegreerde leer
Geskied dwarsdeur die jaar	Net aan die einde van die jaar
Fokus op die toepassing van vaardighede	Fokus op geïsoleerde prestasie
Geskied op verskillende wyses eksamens	Geskied slegs deur toetse en
Gaan oor die assessering van leerders	Fokus op 'n vergelyking tussen

bekwaamheid	
Is gerig op die behaling van sukses	Is geneig om leerders te drui
Is gerig op samelewing	Is gerig op kompetisie tussen leerders

TABEL 5.8.6.1

Volgens Clarke (UGO 2001:44) is evaluering, onder die nuwe benaming assessering ('assessment'), een van die gebiede wat die grootste klemverskuiwing met die implementering van UGO sal ondergaan. In die Beleidsdokument van Senior Fase (1997:13) word assessering beskryf as 'n taak of reeks take wat gestel word, ten einde inligting oor 'n leerder se bevoegdhede te verkry. Verskillende assesseringsmetodes, -instrumente en -tegnieke tydens die hele verloop van die leerproses moet vir dié doel gebruik word.⁵³

Voortgesette assessering sluit wel ook tradisionele toetse en eksamens in, wat aangevul word deur ander assesseringsmetodes (soos self-, portuurgroep-, groep assessering en onderhoude), assesseringsinstrumente (soos portefeuljies, observasies, werkskaarte, uitstallings) en assesseringstegnieke (projekte, demonstrasies, breinkaarte, opnames, rollespel) om die bemeestering van die leeruitkomste te bepaal. Ten opsigte van eksterne eksaminering het die Departement van Onderwys gemeld dat die verwerwing van die Algemene Onderwys en Opleiding Sertifikaat (AOOS) (NKR-vlak 1 Graad 9) met nasionale assessering gepaard sal gaan. In die assesseringbeleid vir Graad 1 tot 9 word 'n nasionale sistemiese stelsel⁵⁴ van assessering vir Graad 3, 6 en 9 in die vorm van summatiewe⁵⁵ en formatiewe⁵⁶ assessering ten einde K2005-uitkomste te monitor, ook in die vooruitsig gestel (UGO 2001:50).

Volgens UGO (2001:50) word assessering binne K2005 gekenmerk deur die volgende:

⁵³ Vir meer inligting aangaande hierdie assesseringstegnieke kyk UGO (2001:47–48).

⁵⁴ Evaluering deur die gebruikmaking van nasionale ooreengekome instrumente. Verteenwoordigende voorbeelde van skole en leerders word nasionaal geselekteer vir dié evaluering (UGO 2001:69).

⁵⁵ Assessering van die eindproduk/leerwins. Verskaf inligting oor 'n leerder se vlak van bekwaamheid by die voltooiing van 'n les (onderrig- en leeraktiwiteit) leerprogram, graad of onderwysfase en dit word meesal op 'n formele wyse deur die onderwyser, skoolhoof of eksterne moderator gedoen (UGO 2001:69).

⁵⁶ Assessering van die vorm van onderrig-en-leer. Beklemtoon leerder-ontwikkeling en verskaf terugvoer aan die onderwyser en die leerders – dit word daagliks op 'n formele of informele wyse deur die onderwyser, die leerder self of deur middel van die portuurgroep gedoen (UGO 2001:70).

- Leerders se bevoegdheids word in terme van die bemeestering van bepaalde leeruitkomst wat in die NKV gestel is, geassesseer.
- Die belangrikste vereistes waaraan alle assessering moet voldoen, is geldigheid en deursigtigheid. Die evalueringsinstrumente moet aan akkurate, regverdigde en kontroleerbare wyse die beoogde leeruitkomst evalueer.
- Voorgeskrewe assesseringkriteria word deur onderwysers gebruik om te bepaal of 'n leeruitkomst of 'n bepaalde aspek daarvan deur die leerder bemeester is.
- Volgens Gauteng se Departement van Onderwys (UGO 2001:14) word 'n leerder se demonstrasie of prestasie aan die hand van assesseringskriteria gemeet om te bepaal of die leerder die voorgeskrewe uitkomst bemeester het, wat die leerder se vordering in die rigting van bemeestering is, of die leerder probleme ervaar en watter remediërende hulp aan die leerder verleen moet word.
- Die kriteria dui in breë trekke die waarnemingsprosesse aan wat as 'n kulminerende demonstrasie van die leerder se prestasie kan dien en om die onderwyser verder behulpsaam te wees, word die kriteria vir elke uitkomst aangevul met assesseringstandaarde.
- Assessering is 'n deurlopende (kontinue) proses wat die onderwyser in staat stel om bepaalde aanpassings betyds te kan maak te einde leerdersukses te verseker.
- Daar sal met UGO minder geskrewe toetse en eksamens wees en die klem sal meer op voortdurende assessering deur middel van 'n verskeidenheid van metodes val.
- Waar toetse en eksamens in die verlede eerder leerders se vermoë om inligting te memoriseer en te herroep geëvalueer het, word die klem nou geplaas op assessering van die vermoë om die inligting te begryp en toe te pas. Die Departement van Onderwys (UGO 2001:50) verwys in dié verband na die volgende vyf aspekte wat geassesseer moet word:
 - 1 Waardes en Houdings
 - 2 Kennis (inhoudelike)
 - 3 Vaardighede
 - 4 Progressie
 - 5 Onafhanklikheid.
- Terugvoering van assessering stel die onderwyser in staat om sy onderrig aan te pas, om te heronderrig (remedieër), om leerinhoud by te voeg en om basies in beheer van die leerproses te bly.
- In die verlede is 'n bepaalde simbool persentasie of punt gebruik om aan te dui hoe die leerder in die toets of eksamen gevaar het. Hierdie tipe evaluering sal volgens Clarke (UGO 2001:51) nie meer in die nuwe kurrikulum gepas wees nie.

Die vraag ontstaan of onderwysers sonder rekenaars hierdie taak sou kon volhou. Met géén kans dat die onderwyser-leerder verhoudings in die afsienbare toekoms sal verklein nie en onderwysers tot vyf-en-veertig leerders in 'n klas sal hê, gaan onderwysers baie van hul beskikbare tyd aan assessering bestee. Om resultate aan te teken, word 'n bestuurs- en beplanningsmeganisme vereis wat deur onderwysers aangewend moet word om die assessering suksesvol uit te voer. Die sukses van die deurlopende assesseringsmodel berus op noukeurige metodes van rekordhouding van elke leerder se prestasie.

5.9 KRITIESE EVALUERING VAN NEW AGE EN UGO

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die New Age 'n komplekse ideologie is en wat deur verskillende mense verskillend vertolk word. Die New Age geskifte toon 'n variasie van standpunte, daarom word dit soms liefs 'n beweging of stroming genoem.

Met betrekking tot die New Age en UGO se beskouinge van die skool en onderwys kan die volgende gesê word:

- Die eerste en seker die belangrikste doelstellings met New Age onderwys en UGO is om die kind tot volkome selfverwerkliking en selfverwesentliking te bring. Hierdie doelstelling kan positief wees in dié sin dat die kind as geheel ontwikkel word, d.w.s. nie net verstandelik nie, maar ook emosioneel en sosiaal. Dit strook met die essensie ontplooiing-van-moontlikhede (kyk Addendum A). Die negatiewe konnotasie is dat die leerling geen identiteit ontwikkel nie want groepsleer, groepsonderrig en groepsondervinding is belangriker as individuele ontwikkeling. Laasgenoemde is in opposisie met die essensie –begryping-van-andersheid (kyk Addendum A).
- 'n Tweede en ewe belangrike doelstelling van New Age en UGO is om kritiese denke aan te wakker. Volgens die New Age word die kind reeds van vroeg af geleer om krities te dink. Die probleem hiermee is dat die mens eers krities met materiaal kan omgaan nadat jy die materiaal bemeester het (dit wat inhoudsgebaseerde onderrig gegee het maar wat nou wegval). Kinders word dus geleer om krities te wees terwyl hulle nog nie eers weet waaroor om krities te wees nie.
- 'n Derde doelstelling is om die samelewing te sosialiseer en te hersosialiseer. Die idee van afsonderlike volkere met eie waardes moet afgeskaf word en die kind moet gehelp word om in 'n groot holistiese geheel op te gaan. Die term *Ubuntu*' word onder andere vir hierdie doel gebruik. Hierdie term dui die eenheid, die interaksie tussen alle mense, alle godsdienste, alle waardes en norme aan. Wat nie gesê word is nie, dat geen opvoeding of onderrig neutraal kan wees nie en die feit dat alle godsdienste (volgens New Age) gelyk is, kan tot verwarring by die kind lei. Alles wat gedoen word is in 'n mindere of meerdere mate reg. Die essensie versterking-van-behoorlikheidseise (kyk Addendum A) kom derhalwe nie tot sy reg nie.

- 'n Vierde doelstelling van New Age en UGO is dat die leerder sy hele lewe lank moet leer (Life-long learning). Ons moet dus tred hou met die snelveranderde sosiale, politieke, kulturele, ekonomiese en ekologiese veranderinge. Hiermee opsigself is geen fout te vinde nie, maar dit moet nie geskied ten koste van onveranderlike en onveranderbare beginsels en waarhede soos moedertaalonderrig, vryheid van godsdiens, respek vir meerderes. Dit word totaal en al misken.
- Verder verswak die gesag van die ouer oor sy kind en die staat kry al hoe meer seggenskap oor die skole. Van lyfstraf is daar geen sprake meer nie, en kinders wat wel lyfstraf ontvang, kan hul ouers by kinderinstanties en SAPD⁵⁷ aankla vir aanranding en mishandeling. Die kind moet dus van alle vorme van gesag vrygemaak word waaronder die gesag van die ouers, gesag van die waardes en die norme, die gesag van die onderwysers en uiteindelik ook die gesag van God drie-enig. Hierdie seining staan lynreg teenoor die essensies met betrekking tot gesagsgemoede lewenswyse as fundamenteel-pedagogiese struktuur: laat-gesê, aangespreek-word, opgeroep-word, gehoorsaamheid, gesagserkenning en gesagsopvolging (kyk Addendum A).
- Geen leerling kan volgens UGO-model druipe nie, omdat almal slaag soverre hy of sy die sogenaamde resultaat bereik het. Vir die aanhangers van UGO-model gaan dit nie soseer om die verkryging van akademiese kennis nie, maar om gedragsveranderinge, gesindheidsveranderinge en die aftakeling van universeel geldende norme.
- Die tradisionele indeling van die leerinhoud in vakke is ook iets van die verlede. Skoliere en studente word deur allerlei breinspoeltegnieke soos suggestopedagogiek, sensitiwiteitsopleiding, manipulasiepogings, transendentale meditasie en 'values clarification' rypgemaak vir die holistiese eenheidswêreld waarin nie God nie, maar die mensheid en veral Gaia die gesagvoerder is. Hierdie seining is vir hierdie Christelike navorser in stryd met die essensies wat verband hou met die pedagogiese doelstrukture: sinvolheid van lewenswyse, selfbeoordeling en selfbegryping van lewenswyse, menswaardige lewenswyse, sedelik-selfstandige besluitvormende en verantwoordelik-handelende lewenswyse, normidentifiserende lewenswyse en lewensopvatlik-verantwoordende lewenswyse (kyk Addendum A).
- Van godsdiensonderrig in die tradisionele sin van die woord is daar geen sprake nie. Alle godsdiensdienste moet gelyke aandag kry en om hierdie rede word daar soveel klem op verdraagsaamheid gelê. Christelike beginsels moet gediskrediteer en laat vaar word. Hiermee word bedoel daardie beginsels wat in stryd is met die Nuwe Era-teologie, bv. dat die mens 'n

⁵⁷ SAPD is Suid-Afrikaanse Polisie Diens.

verlore sondaar is en dat verlossing slegs in Jesus Christus te vinde is. Vir die New Age is die mens goed en lê sy verlossing in selfontdekking en vergoddeliking.

- Die holistiese siening (die gees van humanistiese eenheid, eendersheid en gelykheid) van die New Age en UGO het 'n sieklike gees van verdraagsaamheid onder sogenaamde Christene laat posvat. Met almal en alles moet daar verbroedering plaasvind, alles en almal moet verdra word, al is dit ook in 'n onderwysmodel soos UGO wat daarop ingestel is om 'n holistiese, getransformeerde eenheidstruktuur tot stand te bring waar alleen die magte en kragte van die New Age erken en aanbid word. Hierdie siening is onder meer in stryd met die essensie keuse-in-die-lig-van-behoorlikheidseise (kyk Addendum A).
- Kinders word geleer om nie noodwendig die waarheid te vertel nie, veral as dit ten koste van die eie selfbeeld is. Dit staan lynreg teenoor die fundamenteel-pedagogiese essensie handeling-in-die-lig-van-behoorlikheidseise (kyk Addendum A).

Positiewe kenmerke van die New Age en UGO is:

- Aanhangers van hierdie ideologie is voorstanders van ontwapening en beywer hul daarvoor dat elke regering 'n handves van menseregte moet aanvaar. Hulle werf belangrike en invloedryke persone om hul doestellings te bevorder.
- Dit beklemtoon die noodsaaklikheid (juis omdat dit teen universeel geldende norme gemik is) om verantwoording te doen van die onderliggende filosofie waarop ons opvoeding en onderwys gebaseer is.
- Verder beklemtoon dit die noodsaaklikheid om ondersoek in te stel na die lewens- en wêreldbeskouing wat deur ons opvoeding en onderwys by ons kinders gekweek word en dwing ons tot bereidwilligheid om, waar nodig, selfs ingrypende veranderinge aan te bring om te verseker dat ons nie 'n vreemde lewens- en wêreldbeskouing oordra nie.
- Die New Age en UGO se beskouing van die skool en onderwys weerspieël die primêre behoefte van die moderne mens om antwoorde te soek op die diepere sinvraag. Daarom is dit noodsaaklik dat duidelikheid verkry word oor dit wat Christelike opvoeding en onderwys in die praktyk behels en dit nie sommer net as vanselfsprekendheid in ons skole te aanvaar nie.